SIMPOSIUM OOR MAATSKAPLIKE WERK GEHOU OP 27 MAART 1969 BY DIE P.U. VIR C.H.O. TYDENS DIE EEUFEESVIERING VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA EN POTCHEFSTROOM SE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N LEWENS-EN-WÊRELDBESKOUING EN MENSBESKOUING BY DIE BEOEFENING VAN 'N WETENSKAP EN BEROEP.

Prof.dr. W.J. de Klerk.

SIMPOSIUM MAATSKAPLIKE WERK
DONDERDAG 27 MAART.

******************

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING EN MENSBESKOUING BY DIE BEOEFENING VAN 'N WETENSKAP EN BEROEP.[1)]

Simposium Maatskaplike Werk
Donderdag 27 Maart.

Prof.dr. W.J. de Klerk.

> Ons moet nie te geleerd en te apologeties wees by die aansny van hierdie onderwerp nie. Sonder om beskuldig te word van 'n roekelose bravado kan ons tog rustig, wetenskaplik-verantwoord en baie beslis sê:
>
> 'n Lewens-en-wêreldbeskouing, w.o. 'n mensbeskouing ingesluit is, vorm 'n belangrike grondslag van die wetenskap en beroepslewe.

As ons wil, kan ons speels- spottend, met so 'n tikkie sarkasme, die lewens-en-wêreldbeskoulike grondslae van wetenskaplike strominge aandui wat juis heftig ontken dat hulle gemene saak maak met lewens-en-wêreldbeskouing.

So is daar die natuurwetenskaplike wetenskapsbeskouing wat se dat dit wat slegs meetbaar en vir wiskundige verwerking vatbaar is, waaragtige objektiewe kennis bied. Met hierdie uitgangspunt is hulle pens-en-pootjies gevang in 'n lewens-en-wêreldbeskouing waarop hulle hulle hele wetenskapsgebou ontwerp, naamlik die empirisme.

Daar is ander wat sê dat ons 'n skeiding moet maak tussen geloof en wete, tussen rede en godsdiens. Aan die eenkant van die lyn lê die neutrale werklikheid wat wetenskaplik bewerk word, en aan die anderkant van die lyn is die religieuse-geestelike met sy geloofsprinsipe. Ook hier is 'n lewens-en-wêreldbeskouing aan die woord, naamlik die neutralisme wat as voorveronderstelling kies dat lewens-en-wêreldbeskouing as vyfde kolonner uit die wetenskap geweer moet word. Hierdie lewens-en-wêreldbeskouing van die neutralisme is weer gegrond in die ou dualisme van die middeleeue het sy skema van natuur en genade.

So kan ons hulle almal striem met 'n bietjie sarkasme - die rasionaliste, die positiwiste, die fenemenoloë, die pragmatiste - ja elke bestaande wetenskaplike stroming het sy wortel in 'n lewens-en-wêreldbeskouing en word in al sy onderdele gevoed deur 'n lewens-en-wêreldbeskouing.

Gelukkig begin die wetenskaplikes eerliker word, want daar is baie wat die ontkenning dat lewens-en-wêreldbeskouing 'n rol speel in die wetenskap, al laat vaar het.

Miskien moet ek dit vir u illustreer met 'n voorbeeld wat nader lê aan u wetenskap, naamlik Maatskaplike Sorg. Die client-centered therapy van Carl Rogers, is sover my kennis strek, sterk geintegreer in die maatskaplike sorg van die V.S.A.
Hierdie stroming is basies ingebed in lewensbeskoulike denkkonstruksies. Dit wortel in die Amerikaanse begrip demokrasie, wat amper vir hulle 'n religieuse lading het; verder is dit gebou op die pragmatisme en die filosofie van die instrumentalisme wat as lewensbeskoulike waarde die aangepastheid stel; dit bou op die mensbeskouing van die beslotenheid van die mens binne sy eie gevoels-en gedagtewêreld; dit is gewortel in die humanistiese credo van self-aktualisasie, "inner-resources" en "capacities".

In die Psigiatriese Maatskaplike Werk word daar weer sterk gewerk met die wetenskaplike insigte van óf die Psigo-analise óf die Behaviorisme óf die Fenemenologie. Hierdie strominge is almal geplant in 'n lewens-en-wêreldbeskouing. Die Psigo-analise bou op 'n naturalisties-biologistiese mensbeeld waarin die mens gereduseer word tot 'n instinktief-drifmatige wese, bepaal deur die onbewuste en die verdronge materiaal gedurende die mens se ontwikkelingsgeskiedenis. Die Behaviorisme bou op 'n fisiologistiese mensbeeld wat menslike gedrag reduseer tot aangebore en aangeleerde fisiologiese en neurologiese gebeure wat gemanupileer kan word deur kondisionering.

Die Fenemenologie bou op 'n mensbeeld wat uitgaan van die veronderstelling dat die mens in-relasie, in-situasie en in-keuse is.

Genoeg voorbeelde vir diê stelling: Die geskiedenis van die wetenskap, ook u wetenskap, Maatskaplike Sorg, bewys dat die wetenskap bou op lewens- en-wêreldbeskoulike uitgangspunte en voortdurend blootgestel is aan lewens-en-wêreldbeskoulike beïnvloeding en infiltrasie.

********************

## Waarom is dit so?

## Wat bepaal die feit dat 'n lewens-en-wêreldbeskouing geintegreer is in die wetenskap?

Ek gaan dié vraag beantwoord in 2 punte:

(1) Lewens-en-wêreldbeskouing is wesenlik deel van menswees. Daarom kan geen mens hom van hierdie dimensie losmaak nie. As religieuse wese is die mens gebonde aan 'n bepaalde Idee, 'n denkkategorie en 'n begrippe apparaat vanwaar uit hy opereer - ook as wetenskaplike en beroepsmens. Die mens is 'n totaliteit en daarom integreer hy sy lewens-en-wêreldbeskouing in sy wetenskap en beroep. In die keuse van sy kenbronne, sy probleemstellinge, sy interpretasies en feite verbindinge, sy evaluering en plasing van verskynsels in 'n hierargie van belangrikheid ens., word hy gelei deur sy lwb.[2]) Feite word geen wetenskap nie. Eers wanneer die feite in hulle verband en samehang betrag word, kry ons wetenskap; eers wanneer die feite gerangskik word kry ons beroepsuitoefening - en dit is hier waar die lwb. só 'n beslissende rol speel.

Lwb. word dus noodwendig geintegreer met wetenskap en beroep omdat die mens wetenskap beoefen en 'n beroep beoefen. En die mens besit noodwendig 'n lwb., wat hy noodwendig, bewus of onbewus indra in sy beroep en wetenskaplike arbeid, omdat die mens as totaliteit funksioneer.

(2) Alle wetenskap rus op voorwetenskaplike uitgangspunte en loop hom vas teen voorwetenskaplike vrae wat hy nie wetenskaplik kan beantwoord nie. Die fundamentele vrae van die wetenskap soos die kwessies van oorsprong, doel, bestemming, grense ens. is lewensbeskoulike vrae wat alleen vanuit 'n lewensbeskouing beantwoord kan word.

Hier wil ek een erkenning maak. Alle wetenskappe maak nie in gelyke mate van lewensbeskouing gebruik nie. Die Wiskunde, Chemie en Fisika is minder gekoppel aan 'n lewensbeskouing as bv. die Sielkunde, Maatskaplike Werk en Sosiologie, want lg. groep is meer gekoppel aan die normatiewe en die antropologiese terwyl eg. meer met die natuurwetmatighede werk.

Alhoewel daar dus verskil is in die kwantiteit lewensbeskouing wat in verskillende wetenskappe verwerk is, bly dit 'n noodwendige feit dat lewens-en-wêreldbeskouing bydra tot die onderbou van die wetenskap.

Lewens-en-wêreldbeskouing is dus 'n noodwendigheid by wetenskap en beroep.

**********************

Vervolgens wil ek die noodsaaklikheid van lewens-en-wêreldbeskouing vir wetenskap en beroep stel.

Ek doen dit aan die hand van 3 stellings:

Integrasie van lwb. in wetenskap en beroep is noodsaaklik terwille van die soewereiniteit van God.

Integrasie van lwb. in wetenskap en beroep is noodsaaklik terwille van die eenheid van die waarheid en werklikheid.

Integrasie van lwb. in wetenskap en beroep is noodsaaklik terwille van ons huidige tydsomstandighede.

(1) Die Soewereiniteit van God eis integrasie van lwb. in wetenskap en beroep.

Vanuit ons Christelike beginsels bely ons God as die Soewerein oor die hele werklikheid. Die heerskappy oor alle dinge behoort aan Hom. Sy Woord gee die basiese beginsels vir die ordening van Sy wêreld. In U lig, sien ons die lig. Die konsekwensie hiervan is dat ook die wetenskap en beroepslewe nie van God se heerskappy onttrek is nie. Ook hier moet Sy beginsels en Sy openbaringsriglyne in ag geneem word, want in die Skrif vind ons essensiële kennis wat van grondleggende betekenis is.

In ons Christelike lwb. is hierdie kennis verwerk en gesistematiseer en daarom is integrasie van die kennis van soveel belang. Daardeur erken ons God se gesag, maar daardeur verryk ons ook ons wetenskap en beroep, want ons ontwerp nou strukture wat gewortel is in die waarheid van die openbaringslig.

Dit maak ons lwb. noodsaaklik vir ons wetenskap en beroep.

(2) Die eenheid van die waarheid en die werklikheid eis integrasie van lwb. in wetenskap en beroep.

Geloofswaarheid en wetenskaplike waarheid is albei waarheid wat saam in 'n geheel gevat moet word. Anders gestel: die volledige waarheid, die totaalbeeld van enige werklikheidsaspek kan eers verkry word as ons alle kenbronne geraadpleeg het. As ons dus in wetenskap en beroep geloofswaarhede, openbaringswaarhede integreer, kry ons die hele prentjie. Daar is nie so iets soos twee stelle waarhede nie. Die waarheid en werklikheid is 'n eenheid. As ons lwb. en wetenskap skei, versnipper en verskeur ons hierdie eenheid.

(3) Ons huidige tydsomstandighede eis toespitsing op ons lewensbeskoulike agtergronde in wetenskap en beroep.

Die krisis van ons kultuur bring ook die krisis in die wetenskap en beroep. Vanweë die invloed van die twee wêreldoorloë kom daar 'n nuwe filosofie en lewensgevoel wat ons die sekularisme noem. Dit is die ideologie van die afval wat leef uit die ontkenning en afwysing van die seggenskap van God en geloof in die lewenswerklikheid. Dit loop noodwendig uit op die nihilisme as die ontkenning en verwerping van sin en doel. Die tegnisisme en industrialisme sloop die samelewing met sy massafikasie wat uitloop op atomisme, anonimiteit en vereensaming van die funksionele mens, wat in 'n kollektiwiteit opgaan, en so ontwikkel tot die gedesintegreerde mens wat die oriëntasie mis en hom uitstort in die momentlewe. Die Ekonomisme bring die oorspanning van die pragmatiese en materiële. Die Propogandisme stel die mens bloot aan felle en onbarmhartige indoktrinasie. Die Sintuiglikheid word die lewensmotief waarvan die seksualisme van ons tyd 'n klimaks vorm. Progressiwisme word die towerwoord en die internasionale liberalisme kom met 'n gelykmakingswoede en 'n vestiging van 'n nuwe wêreldkultuur.

My onderwerp vra nie 'n kultuuranalise nie. Genoeg is die stelling dat die totaliteitstrukture van die samelewing in 'n proses van ontbinding verkeer. Dié krisis word voltrek in gesin en maatskappy, wetenskap en kuns, filosofie en godsdiens, politiek en ekonomie, arbeid en ontspanning, sedes en gewoontes.

Die heersende lewensbeskouing wat momentum bereik in wetenskap en beroep laat 'n horror vaoui ontstaan - 'n skrikwekkende leegte.

In hierdie kultuuromlysting is dit noodsaaklik om met 'n nuwe energie weer aandag te gaan gee aan lewensbeskoulike uitgangspunte vir ons wetenskap en beroep. Ons moet weer terugkom na die essensies, na 'n oriënteringspunt wat perspektief kan gee aan ons arbeid en denke.

Die opgawe van ons tyd is om tot lewensbeskoulike verheldering te kom. Die vraag na God, die etiek, die sin, waarde, doel en bestemming vra vandag na 'n duidelike antwoord.

************************

Voordat ek my laaste gedagte ontwikkel, het ek die gevoel dat ek die voorafgaande moet saamvat:

In mindere of meerdere mate bou alle wetenskap op 'n lwb.
Dit is noodwendig want die mens kan hom nie van sy lwb. losmaak in sy wetenskap en beroep nie, terwyl die wetenskap self gebruik moet maak van lewensbeskoulike voorveronderstellings.
Die noodsaaklikheid vir integrasie van lwb. in wetenskap en beroep word gemotiveer vanuit God se soewereiniteit, die eenheid van die waarheid en die verwarring en nihilisme van ons huidige kultuursituasie.

************************

Vervolgens wil ek probeer aantoon wat ons Christelik-Calvinistiese lwb. vir ons wetenskap en beroepslewe gee aan basiese uitgangspunte.
Alleen grepe word kursories gestel.

God se heerskappy geld ook vir die wetenskap en beroep en daarom is hiervoor ook verantwoording aan Hom verskuldig - dit teenoor die humanisme.
Wetenskap en beroep se diepste motief is gehoorsaamheid en Godsverheerliking - teenoor die scientisme.

Alles wat die wetenskap ondersoek is kreatuurlik-beperk en nie absoluut nie - teenoor al die ismes wat iets is die werklikheid as absoluut stel.

God is die oorsprong en bestierder van alles. Daarom kan die bestaande nie uit hulleself verklaar word nie of op hulle eie wortel groei nie - teenoor die evolusionisme en horisontalisme.
Wetenskaplike kennis is ten dele - teenoor die verheerliking van die wetenskap.
Wetenskap en beroep het te doen met 'n abnormale werklikheid vanweë die sondeval en is daarom as ontwrigte werklikheid nie normatief nie. Die gebrokenheid bly en kan nie deur iets kreatuurliks oorwin word nie. Die utopiese-horisontale ideaal wat deur opvoeding, tegniek e.d.m. die samelewing wil bou waarin die kwaad uitgewan is, is 'n onrealistiese instelling.

Ook die wetenskap kan in diens van die Duisternis wees. Daarom moet wetenskap en beroep soek na die Goddelike ordening in die stryd teen die demonisering van die werklikheid - dit teenoor die neutralisme.

Die wetsorde in die werklikheid is van Goddelike oorsprong. Dit is objektief gegee. Onderwerping en uitbouing daarvan waarborg die sinvolle ontplooiing van die lewe- teenoor die naturalisme, anomisme, nihilisme en subjektiwisme.

Verskeidenheid is die ingelegde struktuur van die werklikheid. As oorspronklike gegewens kan die verskeidenhede nie kousaal uit mekaar verklaar word nie. Elke verskeidenheid het sy eie beginsel en terrein, sy eie vryheid en bevoegdheid - dit teenoor die gelykmaking van verskeidenhede en hulle herleiding na mekaar en die verabsolutering van een verskeidenheid bo die ander.

Wat die beroepslewe betref gee ons lewensbeskouing die klem van beroep as roeping wat inhou dat rekenskap aan God daar verskuldig is; dat die beroepslewe gerig moet word deur die beginsels van beheersing, bewerking en bewaking van die hele werklikheid volgens Goddellike ordening; dat die beroepslewe verdiep word deur die dimensies van profetiese, priesterlike en koninklike diens wat daardeur gelewer word; dat die beroepslewe gebind is aan religieuse, etiese en juridiese prinsipia.

Hierdie onvolledige katalogus van basiese uitgangspunte vanuit 'n lwb. moet nou deur die vakkundiges op elke vakterrein nader uitgewerk en toegepas word. Daarby kom nog besondere riglyne vir besondere wetenskappe w.o. ons Bybels-gefundeerde antropologie vir die sg. humanoria; die Bybelse ordening van die samelewing vir die Sosiologie ens.
Elke dissipline en beroepsrigting staan onder die opdrag om sy lewensbeskoulike fondamente te rangskik en daarop sy struktuur te ontwerp.

<u>Veral die Maatskaplike Sorg het uitnemende boustene vanuit ons lwb. vir sy ontwerp.</u>

Afgesien van die algemene riglyne wat aangedui is en afgesien van prinsipiële begronding van die Maatskaplike Sorg se basiese begrippe, is 'n antropologiese en etiese model van onmisbare belang vir u wetenskap en beroep.
Wat die etiek betref - die maatskaplike werker beplan gedragsverandering en verandering van lewensinstelling by sy kliënt. Hy streef dus na 'n toestand wat meer in ooreenstemming is met die normatiewe, ook in sedelike opsig. Dit vereis 'n besliste geformuleerde eties-normatiewe sisteem by die maatskaplike werker.
Wat die antropologie betref: opgrond van eie navorsing, aanpassing en inpassing van bruikbare elemente in verskillende mensbeskouings, en sisteembou, wil ek tenslotte 'n eie rangskikking van 'n mensbeskouing in beskeidenheid aan u voorle.

Een van die wesenstrekke van die mens na die sondeval is sy <u>gespletenheid</u>. Alle mense word deur twee teengestelde tendense beheers: die aftakelende en opbouende kragte wat deur sy volle eksistensie sny. Daar is 'n paradoksaliteit, 'n bevreemdende tweevoudigheid, 'n ambivalensie in menswees.
Sy "misère et grandeur" volgens Pascal.

Hierdie gespletenheid vind sy diepste oorsaak in die aftakelende krag van die sonde wat aktief deurwerk in die gebrokenheid en die bewarende krag van God

wat deurwerk in die opbouing. Die mens beweeg tussen dié 2 pole - tussen oorgawe of aan God of aan die kwaad en ontvlugting of van God of van die kwaad.

Sy drie dimensies wat onlosmaaklik met mekaar verweef is en vertikaal dwarsdeur sy eksistensie sny is sy liggaam as sy gestalte, sy psige as sy bewustheid en sy gees as sy gerigtheid.
Daar kan 5 projeksies van die mens gemaak word en die volle mens is en elk van die vyf teenwoordig:

Die mens is 'n eenheidswese. As totaliteit is hy 'n dinamiese knooppunt van talryke samehange en funksies, saamgebundel deur die ek.

Die mens is unieke wese in sy individueel onherhaalbare besonderheid.

Die mens is verbondswese in sy betrokkenheid op God, medemens en wêreld waardeur hy wesenlik buite homself gerig is.

Die mens is opdragwese wat in vryheid en verantwoordelikheid in alles opdragte realiseer.

Die mens is ewigheidsbestemde wese, religieus gerig op die transendente.

Hierdie model, wat in 'n neutedop vir u gegee is, kan soosvolg sy toepassing vind in u geval:

Die Maatskaplike sorg moet die totale mens benader en geen reduksies toepas nie. Daar moet 'n veel-dimensionele instelling wees.
Die Maatskaplike Sorg moet individualiseer; moet fokus op die mens-in-relasie; op die opdrag vanuit sy vryheid en verantwoordelikheid en ewigheidsbestemming waarmee die mens gekonfronteer moet word.
Die Maatskaplike sorg moet in sy diagnostiese verkenning die disintegrasie in die 5 projeksies nagaan en in sy terapie die integrasie van die 5 projeksies nastrewe. Tog moet hy in gedagte hou dat alleen 'n optimum integrasie bereik sal word, want die mens bly wesenlik gesplete. Opgrond van die 5 projeksies soek die Maatskaplike Sorg dan na die selfintegrasie, selfstandigheid, selfuitstraling, selfdiensbaarheid en selftransendensie van sy kliënte. En so word daar gekom tot voller, ryker, inniger en grootser menswees deur die realisering van die mens se eenheid, uniekheid, verbondenheid, opdrag en ewigheidsbestemming.

Dit is u heerlike taak om in die wêreld van gesekulariseerde Maatskaplike Sorg te besin op 'n lewensbeskoulike onderlaag en die implementering daarvan.
Mag hierdie simposium sy diepte vind in hierdie motief.

1) Ek ontwikkel dié onderwerp sonder dokumentering, want dan lei dit ons te veel af na besonderhede en gedagteversnippering. Dis dan 'n sintese en eie formulering wat gebore is uit bronnestudie en besinning. Dit word kursories-stellend gegee. Vir diepergaande studie word u verwys na die volgende kernbronne.

Stoker, H.G. Oorsprong en rigting. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1967.
Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap, Pro Rege, Potchefstroom, 1961, veral pp.113-150.
H. van Riessen in Christian Perspectives. The relation of the Bible to Science. Pella Publishing, Iowa, 1960.
Artikels van B.J. v.d. Walt en N.J. v.d. Merwe in die P.U. publikasie Perspektief Jaargang 4 Nr.4, 1966 Jaargang 5, Nr.1 en 4, 1966.

2) lwb. = lewens-en-wêreldbeskouing.

SIMPOSIUM OOR MAATSKAPLIKE WERK

gehou op 27 Maart 1969 by die P.U. vir C.H.O.

tydens die Eeufeesviering van die

Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

en die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

# DIE CHRISTELIKE MENSBESKOUING IN DIE PRAKTYK VAN DIE MAATSKAPLIKE WERK

PROF. D.J. ELOFF

By die behandeling van hierdie onderwerp by so 'n geleentheid sal die stof volgens die volgende skema aangebied word:

I. INLEIDING

II. DIE CHRISTELIKE MENSBESKOUING IN DIE ALGEMEEN

1. Die mens as eenheidswese.
2. Die mens as unieke wese.
3. Die mens as verbandswese.
4. Die mens as antwoordwese.
5. Die mens as wese met 'n ewigheidsbestemming.

III. MENSBESKOUING TEN OPSIGTE VAN DIE KLIëNT

IV. MENSBESKOUING TEN OPSIGTE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

V. ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING

1. Elke mens is van die hoogste belang.
2. Elke mens moet aanvaar word soos hy is.
3. Elke mens is daarop geregtig om binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê.
4. Elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewenservaring.

5. Die mens kan alleen gehelp word as hy homself wil help.
6. Elke mens het die reg tot selfbeslissing of selfbeskikking.

## I. INLEIDING

Die mens is die onderwerp van studie van verskillende vakwetenskappe. Verskillende professies hou hulle ook besig met een of meer aspekte van die mens-wees en die aspekte of probleme wat in en om die mens-wees sentreer. Vraagstukke rondom die mens-wees is van verskeie kante besig om te vermenigvuldig en wel tot so 'n mate dat dit noodsaaklik is om te besin oor aspekte soos die aard, doel en wese van mens-wees. Besinning oor die oorsprong, roeping en bestemming van die mens mag ook nie by die studie van Maatskaplike Werk ontwyk word nie [1]. Beerling merk tereg op dat „... de mens al meer in een diepgaande, heel zijn existentie bedreigende crisis ... (is ge)komen" [2].

Die maatskaplike werk hou hom primêr besig met die mens, die mens in nood, die mens met 'n probleem, daarom met hulpverlening om die mens in sy veelvuldige lewensnood te help [3]. Maatskaplike werk moet dan ook die mens as geheel sien, as totaliteit maar dan ook teenoor die totaliteit van sy maatskaplike milieu wat op hom inwerk en beïnvloed [4].

---

1. Vgl. Thierry, H. De bedreigde mens in de moderne samenleving. Den Haag, J.N. Voorhoeve, 1965. p. 5.
2. Beerling, R.F. Crisis van den mensch. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1938. p. 24.
3. Vgl. Wurth, G. Brillenburg. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957. p. 11.
4. Vgl. Van der Linden, H.B. Van nummer tot mens. Arnhem, Vuga-boekerij, 1962. p. 167.

Maatskaplike werk is egter meer as 'n vakwetenskap; dit is 'n bepaalde aktiwiteit waarin die maatskaplike werker as mens te make het met die kliënt as mens. Om hierdie rede is die siening met betrekking tot die mens, dit wil sê die mensbeskouing, van primêre en die allergrootste belang. Trouens, die mensbeskouing speel hier 'n bepaalde en bepalende rol in onder andere aspekte soos die werkwyse, die motiewe, denke en gevoelens en bepaal die klimaat vir die optrede van die maatskaplike werker [1].

Mensbeskouing en die inhoud daarvan kan uit die aard van die saak gefundeer wees op een of 'n verskeidenheid van uitgangspunte of oortuigings. As christen gaan dit vir my egter hier om die mensbeskouing soos dit kom uit 'n totaalvisie en weerspieël word in 'n lewens- en wêreldbeskouing van die geskape werklikheid en die Godsopenbaring [2].

## II. DIE CHRISTELIKE MENSBESKOUING IN DIE ALGEMEEN

Die uitgangspunt hier word saamgevat deur Calvyn wat volgens Bouma daarop wys „... dat wij de mens nooit zullen leren kennen wanneer wij hem zien als een in zichself afgesloten eenheid. Het gaat om de totale werkelijke mens. Die totale mens krijgen wij slechts te zien als wij hem bezien in zijn relatie tot God ... Zonder God kan de mens niet worden gedacht; dit is een voorwaarde zonder welke het niet mogelijk is iets over de mens te zeggen" [3].

---

1. Vgl. Cronjé, G. (red.) Professionele maatskaplike werk. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965. p. 1.
2. Vgl. Van der Ploeg, J.G. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor Maatschappelijk Werk. 10e Jaargang, No. 10, 22 Mei 1956. p. 155.

   Vgl. Van der Merwe, J.D.G. „'n Christelike mensbeskouing" in Bulletin van die S.A. Vereniging vir die bevordering van die Christelike Wetenskap. Nommer 13, April 1968. p. 98.
3. Van der Linde. Van nummer tot mens. p. 170.

Om die verhouding van die mens tot God te bepaal, word begin by Genesis waar ons leer dat God die mens geformeer het uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas het. „So het dan die mens 'n lewende siel geword" [1]. Verder hoor ons: „En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis, ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" [2].

Volgens die Heidelbergse Kategismus in Sondag 3, beteken die skepping na die beeld van God dat die mens God profeties geken het, priesterlik liefgehad het en koninklik gedien het. Deur die sondeval is die mens van hierdie uitnemende gawes beroof. Die profetiese kennis het verander in onkunde en ateisme, die priesterlike liefde in haat tot God en die medemens, die koninklike diens in anargie teen God. Sodoende is die mens van nature geneig om God en sy naaste te haat, onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad (Sondag 2 en 3) tensy hy deur die Gees van God wedergebore word. Hier kan die ontsaglike uitspraak van die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel XIV vergelyk word omdat 'n onontbeerlike fondamentklip vir die Christelike mensbeskouing vorm. Die totale ontreddering waarmee die maatskaplike werker te kampe kry, mag nie anders verklaar word as uit die toestand wat in

---

1. Genesis 2:7.

2. Genesis 1:26-27.

art. XIV van die Nederlandse Geloofsbeleidenis beskrywe word nie [1].

Die mens bly ook ná die sondeval nog skepsel van God, geskape na Sy beeld en gelydenis en met 'n onsterflike siel. Met die menswording van die Seun kom nuwe lewensverwagting vir die mens op die voorgrond, veral as Johannes skryf: „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" [2].

Daarom word die mens as sondige wese nog deur God van oneindige waarde geag en het die mens ook intrinsieke waarde met 'n onsterflike siel en 'n ewigheidsbestemming [3].

Oor die roeping en bestemming van die mens is daar ook duidelikheid in die Skrif waar Paulus aan die Romeine die volgende skryf: „Want niemand van ons leef vir homself nie ... Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here" [4]

Die mens kan volgens voorafgaande altyd in drie perspektiewe gesien word naamlik in die lig van:

---

1. Vgl. <u>Die Heidelbergse Kategismus</u>. Sondag 2 en 3.

   Vgl. <u>Die Nederlandse Geloofsbeleidenis</u>. Art. XIV.

   Vgl. Bavinck, H. <u>Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst</u>. Kampen, J.H. Kok, 1913. p. 92.

   Vgl. Bavinck, H. <u>Gereformeerde Dogmatiek</u>. Derde Deel, Kampen, J.H. Kok, 1910. p. 137.

   Vgl. Visser, P. <u>Het geloof der vaderen</u>. Kampen, J.H. Kok, 1953. p. 45 - 49.

   Vgl. Feenstra, J.G. <u>Leer en Leven</u>. Kampen, J.H. Kok, 1956. p. 124 - 125.

2. <u>Johannes</u> 3:16.

3. Vgl. Van Dijk, R. <u>Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie</u>. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij., Tweede Druk. p. 20.

4. <u>Romeine</u> 14:7-8.

(i) die Skepping, waar die ware mens gesien word;
(ii) die sondeval, waar die werklike mens gesien word; en
(iii) die verlossing, waaruit die herstelde mens tevoorskyn tree.

Die werklike mens in hierdie bedeling bestaan en beweeg tussen twee kragte, naamlik God se algemene genade wat die menswees behou en die afbrekende mag van die sonde wat sy menswees aftakel. Op grond van die mens as beeld van God wat basies beteken sy betrokkenheid tot God en vandaaruit sy betrokkenheid op die skepping en die medemens kan die volgende kenmerke van die mens onderskei word:

1. Die mens as eenheidswese [1)] moet gesien word as totaliteit deur onderskeiding saamgebind deur sy „ek" tot n eenheid. Wurth sê ook dat die „... kenmerkende van de mens als mens, wat hem tot mens maakt en hom in de totaliteit van de werkelijkheid zijn heel speciale, uitzonderlijke plaats geeft, is dat hij in God zijn oorsprong heeft, is dat hij van Gods gesclacht (Hand. 17:25) is, is dat heel zijn mens-zijn op God is aangelegd" [2)].

Die brandpunt is gerig op die hele mens, die totaliteit van die mens-wees. Maatskaplike werk beklemtoon egter nie net die totaliteit van die persoon nie maar ook die totaliteit van sy omgewing wat op hom inwerk [3)]. Hierby moet ook in gedagte gehou word die verskillende behoeftes van die mens as eenheidswese, behoeftes wat op verskillende vlakke van die lewe bevredig moet word soos sy ekonomies-fisiese, emosioneelmaatskaplike en geestelik godsdienstige behoeftes.

---

1. Vgl. Berkouwer, G.C. De mens het beeld Gods. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957. p. 17, 26, 28, 213 - 226.

2. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. p. 38.

3. Vgl. Skidmore, Rex, A. and Thackeray, Milton, G. Introduction to social work. New York, Appleton-Century-Crofts, 1964. p. 10.

2. Die mens as „unieke" wese [1] wat verskil van God, plant, stof en dier. Elke mens onderskei hom as 'n besonderheid van sy medemens deur die ontwikkeling van sy moontlikhede soos eie liggaam, temperament, karakter, persoonlikheidseienskappe ensovoorts. Die mens as unieke wese impliseer direk dat die maatskaplike werker ook die kliënt so sien met sy eie probleme en eie behoeftes en moet die beginsel van indiwidualisasie en nie veralgemening nie dus toegepas word.

3. Die mens as verbandswese [2] met sy betrokkenheid op God, sy medemens en wêreld buite homself gerig as 'n ontmoetingswese. „In de relatie tot God gaat het niet om zulk een toevoeging aan de in zichzelf complete mens, maar om wat essentieel en constitutief is voor het wezen van de mens en zonder welke de mens dan ook niet kan worden gekend" [3]. Die geheim van mens-wees, sê Berkhof, „... ligt in de verhouding waarin hij staat tot de hem omgevende werkelijkheid, tot God, tot de medemens en tot de natuur" [4].

Die mens as verbandswese met sy betrokkenheid op God en sy skepping na die beeld van God dui daarop dat God die mens „... niet als een enkelvoud, maar als een meervoud: man èn vrouw [5] geskape het. Maar dit strek nog verder want „... niet alleen de relatie tot God, ook de relatie tot de medemens

---

1. Berkhof, H. De mens onderweg. Een christelijke mensbeschouwing. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1963. p.198.
   Vgl. Ibid. p. 19.

2. Vgl. Berkouwer. De mens het beeld Gods. p. 17, 19, 30, 32.
   Vgl. Berkhof. De mens onderweg. p. 27 - 45.

3. Berkouwer. De mens het beeld Gods. p. 19.

4. Berkhof. De mens onderweg. p. 27.

5. Ibid. p. 29.

behoort tot het beeld Gods waarnaas de mens geschapen is"[1]. Om hierdie rede skryf Wurth, word in die Bybel: „... niet in de eerste plaats door God allerlei omtrent de mens in zijn betrekking tot God meegedeeld. Wij zijn daar veel meer van het begin tot het eind God en mens levend, concreet, existentieel met elkaar verkeren. De ontmoeting van God en mens is daar het centrale thema" [2].

Die mens as verbandswese gesien beteken dat die mens in die maatskaplike werksituasie altyd gesien moet word as persoon wat elke oomblik van sy lewe in sy eie, besondere lewensituasie verkeer asook dat daar ŉ gedurige wisselwerkende invloed van die besondere situasie op die mens bestaan, en vanuit die mens op die situasie.

4. Die mens is ook antwoordwese. Kragtens die Skeppingsopdrag aan die mens, moet hy ook van hierdie verantwoordelikheid verantwoording doen, dit wil sê van sy optrede, gawes en talente. In die opdrag van God lê vryheid en verantwoordelikheid opgesluit en dit hang saam met die streeflewe van die mens wat tot uiting kom in sy selfontplooiing, sy keuse en beslissing ten opsigte van die uitvoering van sy opdrag. Met ander woorde, wat doen elkeen met sy gawes, talente en vermoëns. So beskou impliseer elke vraag of probleem basies ook ŉ antwoord, nie alleen met die mond nie maar ook met die hart en veral deur die daad. Stoker skryf: „Menswees is om geheel en al ŉ verantwoordelike te wees" [3], en verder dat menslike antwoording innig en onafskeidelik aan verantwoording verbonde is. „Verantwoording gee aan antwoording as roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking sy eintlike diepte en ... betekenis" [4]. So gesien word alles die mens tot vraag

---

1. Berkhof. De mens onderweg. p. 30.

2. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. p. 32.

3. Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme. Potchefstroom, Pro-Rege-Pers Beperk, 1956. p. 28 - 29.

4. Ibid. p. 29.

waarop hy antwoord moet gee, en alles wat die mens doen, sy oorsprong het in sy opdrag deur God hom opgelê.

5. Die mens het 'n ewigheidsbestemming [1] en is onvernietigbaar in sy eenheid en uniekheid. Die „Ek" bly tot in ewigheid of by God in sy heerlikheid of in die ewige verdoemenis weg van sy oorspronklike heerlike bestemming. Dit word aan ons geopenbaar dat die mens deur God, na sy beeld en gelydenis geskape is en daarna as kroon en konsentrasiepunt van die skepping daarin geplaas is om daaroor te heers.

Die ewigheidsbestemming van die mens lê daarin dat die mens as sondige wese nogtans deur God van oneindige waarde geag is dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê [2].

Na aanleiding hiervan kan beweer word dat die mens in sy gebrokenheid deur die sonde nogtans die beeld van God behou het wat bewys word deur die feit dat die mens as mens bewaar gebly het [3] deur Gods „algemene genade" [4]. Berkouwer stel dit baie duidelik: „Want in de bewaring van het mens zijn gaat het altijd weer om de verhoudingen tussen de mensen. Wanneer het leven door de God aller genade wordt bewaard op de wegen des heils in al de spanningsvolle momenten van zijn gericht en genade, van zijn liefde en toorn, van zijn twist en bewaring, dan staan we voor het feit, dat we in de vervreemde wereld geconfronteerd worden met liefde en trouw, barmhartigheid en mededogen ... Meermalen heeft men bij de bewaring van het menszijn gewesen op 's mensen verstand en wil,

---

1. Vgl. van Dijk. Mens en medemens. p. 20.

2. Vgl. Johannes 3:16.
   Vgl. Romeine 14:7-8.

3. Vgl. Berkouwer. De mens het beeld Gods. p. 125 - 166.

4. Vgl. Ibid. p. 166.

maar dieper in ingrijpender word de bewaring manifest, wanneer we denken aan wat men medemenselijkheid pleegt te noemen: de veelsoortige verhoudingen tussen de mens en z'n medemens" [1].

Wanneer God in genade die menswees bewaar van demonisering, doen Hy dit met die oog op die gemeenskap tussen God en die mens asook tussen die mens en sy medemens, want sê Berkouwer: „Deze mede-menselijkheid ... behoort naar Gods bedoeling tot het meest essentiële van het mens-zijn" [2]. Dit staan in ooreenstemming met die Bybelse getuienis en in stryd met alle isolering van die liefde tot God en die liefde tot die naaste. „Hier is de facto niemand overgelaten aan de volledige concentratie op zichzelf. Het leven zelf in de handen Gods verzet zich hierlegen vanuit de heerlijkheid der mede-menselijkheid, deze hulpbehoevendheid en de daarop corresponderende hulp, dit leven in gemeenschap met elkander" [3].

Die begrip mede-menslikheid waarna Berkouwer verwys, word in die praktyk soms ligtelik opgeneem en tot 'n teorie omvorm, maar dit hef die diepe sin en rykdom daarvan nie op nie. Die mens is, ook in sy afval van God, nie alleen nie. Ook persone van buite die Christelike geloof soos die humanisme gryp meermale hierdie gedagte aan om 'n pleidooi te lewer oor die uniekheid van die mens maar dan word die mede-menslikheid losgemaak „... van haar betrokkenheid op God, van haar religieuze zin en rijkdom en meent, dat de aantasting van deze menselijkheid ten diepste toch incidenteel en periferisch kan worden genoemd en allerminst heenwijst naar de totale corruptie van het hart ... Deze corruptie woedt in alle verbanden der mede-menselijkheid. De mens in opstand tegen God is in het diepst van z'n bestaan vervreemd van zichzelf, gekeerd tegen zichzelf en de ander, als de harmonie verbroken is, waarin alleen het waarachtige mens-zijn beveiligd is tegen de

---

1. Berkouwer. De mens het beeld Gods. p. 193 - 194.

2. Ibid. p. 197.

3. Idem.

duisternis van het hart" [1].

So gesien beteken menswees:

(i) Op God gerig te wees [2] wat beteken dat God die middelpunt van ons bestaan en die beslissende faktor van ons lewe is. Dit gaan om die vaste vertroue op die waaragtigheid van sy beloftes en die oorgawe aan sy leiding, die verlange na Hom, die loof in, en dank vir genade betoon waarin die gebedsverkeer en voorbidding die sluitsteen vorm [3]. Daarom sê Berkhof: „De mens is aan God gebonde als een vis aan het water, die als hij ‚vrij' is van het water, vrijheid onherroepelijk verliest" [4].

(ii) Op die naaste gerig te wees, want sê Berkhof: „God is een meervoud en als Hij de mens schept naar zijn beeld, schept Hij hem dus ook als een meervoud. De mens als enkeling kan nooit het beeld Gods zijn. Hij kan dat alleen wezen in zijn samenzijn met anderen, als mens in de gemeenschap" [5]. Met ander woorde, by die skepping van man en vrou lê die belangrikheid daarvan „... niet in de sexualiteit, maar in de polariteit van man en vrouw ligt hun beeld-Godszijn" [6].

Volgens Berkhof kan die enkeling nooit die ware menswees beleef nie, hy kan dit alleen word „... als hij uittreedt uit zichzelf om de naaste, de partner te worden van zijn medemens. Mens is en wordt men pas aan en door de medemens, evenzeer

---

1. Berkouwer. De mens het beeld Gods. p. 199.

2. Vgl. Berkhof. De mens onderweg. p. 31.

3. Vgl. Ibid. p. 32.

4. Ibid. p. 33.

5. Ibid. p. 34.

6. Idem.

als men het pas wordt door de gemeenschap met God" [1]. Hierdie toetrede tot die gemeenskap geskied in die huwelik, opvoeding, familie-verhouding, vriendskaplike verhoudings, omgang tussen groepe ensovoorts, maar „... overal geldt, dat de relaties waarin wij treden, ons mens-zijn tot hogere verwerkelijking brengen" [2]. „Overal is de ander degene die in de ontmoeting mijn gaven tegelijk oproept en aanvult ... Het gaat trouwens meer om de intensiteit dan om de veelheid der betrekkingen. Maar zonder een intens verkeer van geven en ontvangen in een aantal van zulke menselijke verhoudingen, is het niet mogelijk om het mens-zijn zoals God dat bedoeld heeft, te verwerkelijken" [3]. Want sê Berkhof: „In deze verhouding hebben wij tevens met de verhouding tot God van doen. In de naaste treedt ons God tegemoet en onze houding jegens hem weerspiegelt en verwerkelijkt onze houding jeens God" [4].

(iii) Die natuur te beheers waarby nie alleen aan die natuur te dink in die „... zin van de wereld der mineralen, planten en dieren, maar ook aan het menselijk bestaan zelf, voorsover het objectiveerbaar is, dus voorwerp van menselijk handelen en ordenen kan worden. Ook wetenschap, economie, politiek, enz. vallen er dus onder ... Als Gods beeld, d.w.z. Gods representant en saakwaarnemer is de mens geroepen om de mogelijkheden die in de natuur en in het mens-zijn besloten liggen, te ontsluiten en te ontginnen" [5]. Met ander woorde die mens beheers die natuur in sy daaglikse arbeid en daarom is die mens ook in „... die techniek ... bezig een goddelijke opdracht te vervullen". Berkhof gaan verder en sê:

---

1. Berkhof. De mens onderweg. p. 36 - 37.

2. Ibid. p. 37.

3. Idem.

4. Ibid. p. 43 - 44.

5. Ibid. p. 37.

„In Jezus' natuurwonderen zien wij, wat God aan de mens ook op dit gebied heeft toegedacht. Alles wat wij kunnen en doen, blijft daarbij ver achter, maar in het licht van zijn verschijning mogen wij zowel de nu nog nauwelijks ontwikkelde occulte gaven van de mens als ook de zeer snel ontwikkelde natuurkundige en technische macht beschouwen als een gedeeltelijke en gebroken vervulling van Gods bedoeling met het menszijn en als een kleine profetie van de kosmische heersers-positie die God aan de mens in de voleinding heeft toegedacht" [1].

So is die mens in sy verhouding tot die natuur en sy naaste teen wil en dank besig met sy verhouding tot God wat die sentrale en fundamentele verhouding van die mens se lewe is. So gesien kan van niemand gesê word dat hy geen verhouding tot God het nie. „Het gaat altijd om de verhouding tot God. Maar de verhouding tot de naaste en de natuur is geen aanhangsel daarvan, is ook geen ondergeschikt middel daartoe; het is een gestalte waarin zich de verhouding tot God verwerkelijkt. God verwijst ons naar de medemens en de natuur. Omgang met de medemens is dienst aan God" [2].

Bostaande saamgevat kan gesê word dat die mens in drie verhoudinge lewe, dit wil sê tot God, tot sy naaste en tot die natuur, elkeen met sy eie gewig en belang, elkeen net so noodsaaklik as die ander vir die werklike menswees, en dat hierdie drievoud sy eenheid daarin vind dat die mens orals en altyd te make het met God tot wie se verheerliking die mens op drieërlei wyse geroepe is [3].

Nou dat die belangrikheid van die mensbeskouing in die algemeen aangetoon is, met veral nadruk van die menswees daarop dat dit ook beteken om op die naaste gerig te wees, kan die mensbeskouing ten opsigte van die kliënt in aansluiting

---

1. Berkhof. De mens onderweg. p. 41.

2. Ibid. p. 44.

3. Vgl. Ibid. p. 45 - 46.

daarby, behandel word.

## III. MENSBESKOUING TEN OPSIGTE VAN DIE KLIëNT

Uit voorgaande het Berkhof sowel as Berkouwer tot die slotsom gekom, wat onderskryf word, dat omgang met die medemens diens aan God is [1], vergelyk hier die gelykenis van die barmhartige Samaritaan en ander uitsprake, waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word dat die verhouding en omgang tussen die maatskaplike werker en die kliënt en alles wat daarmee saamhang, ook diens aan God is. Wat dus van die mensbeskouing in die algemeen gesê is, kan en moet net so toegepas word ten opsigte van die kliënt. Ook die kliënt is beeld en staan ook in verhouding tot God, sy medemens en die natuur, alhoewel hierdie verhouding deur verskillende faktore geheel of gedeeltelik ontwrig is.

In verband met die uitwerking van die sonde met betrekking tot die verhouding tot die naaste, blyk dat „... wij niet van een vernietiging dezer relatie kunnen spreken. Ook op deze relatie is de mens gebouwd. De zonde vernietig haar niet, maar ontwricht haar" [2]. Dit word in Genesis 3 baie duidelik geteken. „Als de verhouding tot God verstoord is, bemerken Adam en Eva dat zij naakt zijn, en gaan ze zich schorten maken" [3]. Deur die sonde het hulle hulle vir mekaar geskaam en van mekaar vervreemd, en hierdie vervreemding lei tot beskuldiging sodat selfs „... de intiemste verhouding,

---

1. Berkhof. De mens onderweg. p. 44.
   Vgl. Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan.
   Vgl. 1 Joh. 4:11, 12, 20.
   Vgl. Mattheus 25:35-46.
2. Berkhof. De mens onderweg. p. 71.
3. Idem.

het huwelijk, wordt ontwricht" [1].

Volgens Berkhof kan die ontwrigting van die verhouding tot die naaste en daarom tot die kliënt vier aspekte openbaar, naamlik:

(i) die medemens laat jou onverskillig, selfs al weerhou fatsoenlikheid en eie belang jou om dit te openbaar;

(ii) die medemens laat ergernis ontvlam omdat weerstand ervaar word op die weg na harmonie en selfontplooiing;

(iii) die medemens roep simpatie en self-toegeneentheid op omdat die kliënt op een of ander wyse die werker se harmonie en selfontplooiing bevorder;

(iv) die medemens kan self tot 'n sekere mate in die lewe 'n afgod word, op wie die werker hom geheel rig en toewy [2].

Berkhof sê: „Wel schijnen er vormen van vriendschap, liefde en kameraadschap te bestaan, die een echt partnerschap inhouden met een wederkerig geven en ontvangen, gedragen door wederzijnse zelfverloochening; maar van dichtbij bezien blijken ze vaak uitingen van zelfzucht, van groepsegoïsme of van een wederzijds streven naar zelfverwerkelijking. Dat laaste moge op zichzelf niet te veroordelen zijn (huwelijk en vriendschap berusten er op), het is een liefhebben van de naaste om zichzelf en dus iets principieel anders dan wat Jezus noemt het liefhebben van de naaste als zichzelf" [3].

Hierdie siening is vir die maatskaplike werk van besondere belang omdat nie uitsluitlik die swakhede en tekortkominge van die mens in nood raakgesien en beklemtoon moet word nie, „... maar wel (om) hul kragte en deugde - hul moontlikhede -

---

1. Berkhof. De mens onderweg. p. 71.
2. Ibid. p. 72.
3. Idem.

te ontdek en op te diep" [1], sodat die kliënt ook gesien kan word as herstelde mens.

Maatskaplike werk bou dus nie op die mens se swakhede en tekortkominge nie maar op hulle deugde en kragte sodat die moontlikhede van die mens (binne sy vermoëns) tot die hoogs moontlike peil kan ontwikkel om sodoende die hoogs moontlike mate van selfverwesenliking deelagtig te kan word en hul taak en roeping op aarde op die bes moontlike manier te vervul [2].

Hierdie positiewe benadering oor die mensbeskouing ten opsigte van die kliënt in nood, eie aan die christelike mensbeskouing, plaas professionele maatskaplike werk op 'n hegte grondslag en 'n vaste fondament gebou op 'n rots.

Dié benadering kry diepere betekenis wanneer dit ingeklee word in die groot gebod: „... en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie" [3]. As hierdie liefde in die beoefening van die maatskaplike werk tot openbaring kom, gesien in die lig van die liefde tot God en liefde tot die naaste, maak dit van maatskaplike werk 'n heerlike taak en roeping.

„Met die christelike mensbeskouing word die beoefening van maatskaplike werk en in die besonder die verhouding van die maatskaplike werker tot die kliënt, bo die menslikheidsvlak en bo die nasionale vlak verhef na die godsdienstige vlak, naamlik as 'n werksaamheid wat, gedra deur die liefde tot God en die liefde tot die naaste, op so 'n wyse diensbaar aan die welsyn van die mens in nood is, dat God daardeur verheerlik sal word" [4].

---

1. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 3.
2. Vgl. Idem.
3. Markus 12:30-31.
4. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 3.

Van der Ploeg sê baie duidelik dat dit in maatskaplike werk gaan om die benadering van die medemens in sy nood. Op grond hiervan is dit duidelik „... dat men niet moet denken een mens in nood te kunnen helpen, los van zijn existentie en los van de eigen ixistentie" [1], naamlik van sy betrokkenheid en verhouding tot God nie. „Als de mens in nood raakt, wordt hij teruggeworpen op zijn laatste zekerheden" [2], naamlik sy verhouding tot God.

Teen hierdie agtergrond kan saam met James gekonstateer word: „... (de) mens is altijd opweg, in wording, omdat hij voor zich uit denkt, terwijl hy nadenkt. Voor de praktijk van ons handelen in het maatschappelijk werk betekent dit alles, dat wij te maken hebben met gegevenheden, met verleden, heden en toekomst, met gebondenheid en vrijheid ... In het maatschappelijk werk ontmoeten wij de client in zijn actuele situatie. Wij zijn er op uit samen met de client te vinden wat hem in de weg staat en hem te helpen zijn eigen mogelijkheden en de mogelijkheden in de samenleving so goed mogelijk, zelf beslissingen te doen nemen en de consequenties daarvan voor hemzelf en zijn omgeving te voorzien en te accepteren"[3].

Vervolgens moet ook gelet word op die mensbeskouing ten opsigte van die maatskaplike werker.

---

1. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk, No. 10, Mei 1956. p. 152.

2. Idem.

3. James, M. „Mensbeeld en methodiek" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10e Jaargang, Nr. 22, 20 Desember 1956. p. 342.

## IV. MENSBESKOUING TEN OPSIGTE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SELF

Wat ten opsigte van die algemene mensbeskouing gesê is, kan net so hier toegepas word omdat die maatskaplike werker ook mens is, beeld van God met 'n ewigheidsbestemming en alleen geken kan word in sy verhouding tot God, waardeur ook sy verhouding tot sy medemens weerspieël word.

Om hierdie rede skryf Cronjé: „Die mensbeskouing verleen nie net aan die maatskaplike werk as sodanig 'n bepaalde karakter nie en dit moet ook nie net ten aansien van die kliënt van toepassing gemaak word nie. In 'n heel besondere sin moet die mensbeskouing verwerkliking vind in die maatskaplike werker self. Die toerusting van die maatskaplike werker as beroepspersoon bestaan nie net in die vir sy beroepsbeoefening noodsaaklike kennis en begrip, vaardigheid en bedrewenheid nie. Inderdaad is die fundamenteelste deel van die maatskaplike werker se toerusting sy mens- en lewensbeskouing" [1].

Onthou moet word dat die mens in die eerste en laaste instansie mens is wat sy beroep beoefen in verhouding tot sy God, sy medemens en die natuur. Sy hele menswees sal noodwendig bepalend inwerk op die betekenis wat sy arbeid vir sy medemens en kliënt as mens het. Dit wil sê die waarde-sisteem wat hy innerlik verwerk en aanvaar het, wat hy in hom dra en wat uit sy doen en late, uit sy woorde en houding, met ander woorde, uit sy hele lewe as sodanig spreek of daarin tot openbaring kom [2].

Om dus maatskaplike werk te doen, beteken om in verhouding met God, die medemens en die natuur te wees, dit wil sê om 'n besondere, bepaalde en unieke wese te wees en te bly. Dit is die mens as draer en oordraer van lewenswaardes.

---

1. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 3.
2. Vgl. Ibid. p. 4.

Cronjé sê dan die „... essensiële in die werker-kliënt-relasie is en bly dat daar 'n oordraging na die kliënt as mens moet plaasvind van dit wat in die werker aanwesig is, dit wil sê van dit wat hy as mens is" [1].

Hieruit volg dan dat dit uiters noodsaaklik is dat die maatskaplike werker gedurig teenoor homself moet rekenskap gee van die mens wat hy is, naamlik eenheidswese, unieke wese, verbandswese, antwoord-wese en ewigheidsbestemde wese. Onthou moet word dat die mens as eenheidswese nie kan redeneer dat sy „private lewe" niks met sy „beroepslewe" te doen het nie. As eenheidswese kan die werker nie in sy „private lewe" bepaalde lewenswaardes opsy skuiwe en dieselfde lewenswaardes in sy „beroepslewe" op so 'n wyse na vore bring dat hulle op ander mense oorgedra kan word nie. „Om lewenswaardes op ander te kan oordra moet hulle nie maar net intellektueel erken word nie, hulle moet geestelik (innerlik) verwerk en aanvaar word - alleen dan kan daar geestelike oordraging plaasvind. Lewenswaardes is nie soos kledingstukke wat 'n mens kan aantrek en uittrek en kan verwissel om by die geleentheid te pas nie. Hulle is deel van die persoonlikheid van die mens of hulle is nie deel daarvan nie" [2].

Die maatskaplike werker moet as antwoordwese gedurig eerlik en onbevange antwoorde gee op al die lewensvrae veral in hoeverre hy as mens op die weg van selfverwesenliking vorder ooreenkomstig sy mens- en lewensbeskouing wat hy huldig en ook uitlewe. Alleen daardie maatskaplike werker wat in die lig van hierdie mensbeskouing lewe en op die weg na selfverwesenliking vorder en sy drievoudige verhouding uit die aard van sy geskapenheid na Gods beeld uitlewe om God deur sy lewe te verheerlik, kan ander help om op daardie pad te vorder.

Met hierdie Bybelse mensbeskouing voor oë word die maatskaplike werker gestimuleer, want Wurth skryf soos volg:

---

1. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 4.

2. Idem.

„Hoe meer men door de bijbelse openbaring in de diepste zin het eigenlijke mysterie van de naar Gods beeld geschapen mens heeft leren ontdekken, hoe meer men nu ook van zelf er naar zal verlangen deze mens ook empirisch al beter te leren kennen en wij gerig tot een verantwoorde visie op de totaliteit van zijn menszijn te komen, om straks met behulp van dit alles ook in staat te zijn die mens in zijn concrete levensproblematiek bevredigend te helpen" [1].

Ongetwyfeld kan die maatskaplike werker sy kliënt, vanuit Christus benader, met ander oë aansien en glo in beter moontlikhede en 'n ander toekoms as wat hyself met sy beperkte kennis en insig vir homself sien. Volgens Wurth is hierdie beskouing „... niet maar een Evangelie voor 'sZondags in de kerk, maar het is niet minder de beheersende grondslag voor mijn mensbeschouwing in het maatschappelijk werk". Hy gaan verder en sê: „... als door Christus verlost en door de Heilige Geest herboren ben ik en blijf ik mens en ga ik zelfs meer dan ooit tevoren mijn medeaansprakelijkheid voor mijn medemensen in de wereld beseffen. En dát zal juist voor mij al meer mijn diepste en krachtigste stimulans in mijn bemoeiing om hem te helpen zijn. Want hoe kan ooit de nood van anderen mij meer ter harte gaan, dan wanneer ik door Gods genade mij zelf uit de diepste nood van mijn menszijn gered mag weten?" [2].

In die lig van hierdie mensbeskouing kan nou die aanvaarde basiese uitgangspunte en die metodes in gebruik deur die maatskaplike werk in ooreenstemming gebring word.

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. p. 21.

2. Ibid. p. 63.

## V. ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING

Maatskaplike Werk soos baie ander vakwetenskappe word gebaseer op sekere wetenskaplike beginsels en op waardes of uitgangspunte. Hierdie uitgangspunte vorm sekere dinge wat vooraf veronderstel en aanvaar word en wat grondliggend aan dié besondere vak is en 'n besondere beskouing daarvan uitmaak [1]. Barnhoorn skryf dan ook dat „de moderne maatschappelijk werker zal zich ... houden aan een aantal grondregels ..." [2].

In die moderne maatskaplike werk is daar 'n verskeidenheid van basiese uitgangspunte wat in aanmerking geneem moet word. Vir die doel van hierdie referaat sal weens die tydsfaktor slegs aan enkele van die algemeen-aanvaarde basiese uitgangspunte soos die volgende, aandag gegee kan word:

### 1. Elke mens is van die hoogste belang

Hierdie beginsel impliseer onder andere in die praktyk dat die maatskaplike werker geen onderskeid tussen sy kliënte sal maak nie; ook nie tussen kliënte en nie-kliënte. Ook die uitgeworpenes uit die samelewing moet met dieselfde agting en respek bejeën en behandel word. Die opregte belangstelling en agting in die kliënt gee hom eiewaarde en vervul hom met nuwe hoop op sy eie herstel.

In die gangbare literatuur word hierdie beginsel en die implikasies daarvan onder andere deur Friedlander soos volg geformuleer: „Conviction of the inherent worth, the

---

1. Vgl. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 1.

   Vgl. Lion, L.C.F. „De betekenis van de term 'basic concept' in het individueel maatschappelijk werk" in Maatschappelijk Werk. Krachten, terreinen, methoden onder redaksie van J.M. Broekman. Assen. Van Gorcum, Deel I. p. 294.
2. Barnhoorn, J.A.J. Individueel maatschappelijk werk en geestelijke gezondheidszorg. Leiden, H.E. Stenfert Kroese N.V., 1960. p. 29.

integrity, and the dignity of the individual" [1]; terwyl Ferguson skryf: „For some people, the first hopeful thing in their lives in many years is the knowledge that a social worker feels that they are valuable enough to help" [2].

Volgens Pray word die belangrikheid van hierdie beginsel binne die raamwerk van maatskaplike werk soos volg omskryf: „Social work, as I concieve it, always finds its focus and its object in the helping of individual human beings, who face in their social relationship all sorts of disturbing inadequuacies, frictions, limitations, that frustrate the full realization of their own capacities and wants as persons. Its philosophy and its practice are rooted in a profound respect for individual personality, for the significance of the individual as such and in his own right. Its service is directed primarily therefore, to freeing and helping individuals to find and to fulfill themselves - their own unique selves - within the society of which they are part" [3].

Die beginsel, die waarde van die toepassing daarvan asook die vereistes wat dit aan die maatskaplike werker stel, word vry algemeen aanvaar. Tog gebeur dit, alhoewel maatskaplike werkers dit waarskynlik nie aan hulle intiemste vriende of selfs aan hulleself sal erken nie, dat in gevalle van intense degenerasie, voortdurende terugval of uiters afstootlike optrede van kliënte, maatskaplike werkers mag begin twyfel en hierdie „hoogste" waarde van mense in 'n relatiewe lig begin sien. As die fundering van die beginsel nie baie vas staan nie, kan mens dit miskien verstaan veral in 'n

---

1. Friedlander, Walter A. Concepts and methods of social work. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1958. p. 2.

2. Ferguson, Elizabeth A. Social Work, An introduction. New York, J.B. Lippencott Co., 1963. p. 23.

3. Pray, K.L.M. Social work in a revolutionary age. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1949. p. 5.

fundering soos dié van Bisno wat lui: „Each individual, by the very fact of his existence is of worth" [1].

Dit is hier waar die Christelike lewens- en mensbeskouing sekerheid en stukrag gee, naamlik dat die mens geskape is na God se beeld en gelykenis, en kragtens sy skepping in ꞌn besondere verhouding en betrokkenheid tot God, sy naaste en die natuur staan. So is die mens ook kroon en konsentrasiepunt van God se skepping en met ꞌn ewigheidsbestemming. Uit die Skrif leer ons ook dat God die wêreld en die mens so liefgehad het, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om op die aarde ꞌn kruisdood te sterf sodat almal wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie. Christus het ook tydens Sy omwandeling op aarde op die besondere waarde van elke indiwiduele mens gewys waarvan die gelykenis van die verlore seun ꞌn voorbeeld is [2].

2. <u>Elke mens moet aanvaar word soos hy is</u>

Die aanvaarding van die mens soos hy is, hou twee elemente in, naamlik passiewe en aktiewe aanvaarding. Met passiewe aanvaarding word veelal bedoel dat die maatskaplike werker die kliënt moet aanvaar soos hy is, met sy gebreke, beperking en moontlikhede en deur empatie word daar by die kliënt aangesluit in die toestand waarin hy verkeer. Gevaarlik is die fatalistiese, passiewe aanvaarding wat eventueel ontaard in berusting met die omstandighede soos dit is. Dit sal nie help om te wens dat die kliënt nie so ongenaakbaar, moeilik, teenstrydig, eiegeregtig, ensovoorts moet wees nie. Hulle moet aanvaar word met elkeen se liggaamlike, persoonlike en geestelike vermoëns en veral beperkings. Bowers skryf ook: „... The art of helping, like any other art, depends on accepting the material with which we propose to work as it

---

1. Bisno, Herbert. <u>The philosophy of social work</u>. Washington, D.C., Public Affairs Press, 1952. p. 5.

2. Vgl. Wurth. <u>Mensbeskouing en maatschappelijk werk</u>. p. 32, 34, 38 en 39.

actually exists, with its limitations as well as its potentialities" [1].

„Met aktiewe aanvaarding van die mens", sê Cronjé, „word bedoel dat in ‚die mens soos hy is' gedelf word sodat deur ‚die toestand waarin hy verkeer' gedring kan word teneinde die kragte en moontlikhede wat in die mens aanwesig is - maar wat onder ‚die toestand waarin hy verkeer' begrawe geraak het - te ontdek, op te diep en na vore te laat kom en om daardie kragte en moontlikhede as die lewende water van die mens behoorlik te kanaliseer. Maatskaplike werk moet noodwendig in groot mate neerkom op daardie opdieping, mobilisering en ontwikkeling van menslike kragte en moontlikhede sodat die mens self die node die hoof kan bied en as volwaardige of minstens so volwaardig moontlike mens na vore kan tree. Die opdieping en mobilisering en ontwikkeling van menslike kragte kom eintlik neer op ‚aktiewe' aanvaarding van die mens - nie bloot die mens soos hy is nie maar soos hy kragtens sy moontlikhede redelikerwys kan wees of kan word. Onrealisties is hierdie soort aanvaarding beslis nie. Inteendeel, dit hou maar net die aktiewe realisering van aanwesige moontlikhede in" [2].

Wanneer iemand dus aanvaar word soos hy is, word dadelik deur die werker 'n positiewe warmte as gevolg van die belangstelling aan die kliënt oorgedra. Die kliënt ondervind baie gou die gevoel van belangstelling, dat die werker hom wil help en veral nie veroordeel en kritiseer nie. Dit alles help grootliks om die werker-kliënt-verhouding te bevorder. Oor die aanvaarding van die kliënt skryf Hamilton: „This means acceptance of the other person as he is - in whatever situation, no matter how unpleasant or uncongenial to the interviewer, with whatever behavior, aggressiveness, hostility, dependancy, or lack of frankness he may manifest. This

---

1. Bowers, S. „Social work and human problems" in Social Casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954. p. 190.

2. Cronjé. Professionele maatskaplike werk. p. 17.

attitude can come only from respect for people and a genuine desire to help anyone who is in need or trouble" [1].

Mense moet aanvaar word net soos hulle is omdat geen mens ooit soos 'n ander kan wees nie, weens die uniekheid van elke mens se natuurlike toerusting, sy unieke sosiale verband, sy unieke noodsituasie asook die uniekheid van elke mens se verwerking [2].

Sodoende moet elke kliënt gesien word as 'n eiesoortige wese en daarom moet teen die gevare van kollektivisme en veralgemening gewaak word.

Die volgende uitlating van James gee 'n beeld van hierdie beginsel in die Nederlandse literatuur, naamlik: „Het principe van het ‚aanvaarden' van de client betekent dan het accepteren van de persoon in zijn onherhaalbaar anders-zijn en daarmee het scheppen van het klimaat waarin hij zich kan voordoen zoals hij is, waarin hij iets van de medemenselijkheid kan beleven en waarin, op het juist gekozen moment, de oproep tot het doen van een keuze en het dragen van verantwoordelijkheid kan doorklinken. Het gaat bepaald niet om ‚een alles maar vriendelijk aanvaarden' en bestaande normen overboord gooien" [3].

Behalwe die aanvaardingsbeginsel vanuit die kliënt se gesigspunt meld Van der Ploeg dat die kliënt gesien moet word in die maatskaplike werk in sy „eigen existentie". Hy skryf: „Met welke definitie wij nu het maatschappelijk werk ook willen omschrijven, het is duidelijk, dat het in dat werk gaat om het benaderen van de medemens in zijn nood. En dan is het op grond van het bovenstaande duidelijk dat men niet moet denken een mens in nood te kunnen helpen, los van zijn existentie

---

1. Hamilton, G. <u>Theory and practice of social casework</u>. New York, Columbia University Press, 1951. p. 52.

2. Cronjé. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. p. 10 - 12.

3. James, M. „Mensbeeld en methodiek" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. 10de Jaargang, No. 22, 20 December 1956. p. 343.

en los van de eigen existensie" [1].

Volgens die Christelike lewens- en mensbeskouing moet in hierdie verband dus onder andere nie net gelet word op die feit dat mens deur die sondeval onbekwaam is tot enige goed en geneig is tot alle kwaad tensy die mens deur die Gees van God wedergebore word nie, maar ook op die mens as eenheids- en unieke wese, wat onder andere die noodsaaklikheid van individualisasie impliseer.

3. Elke mens is daarop geregtig om binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê.

Deur hierdie beginsel word nie alleen uitgebou op die voornoemde beginsel, naamlik die aktiewe aanvaarding van die mens soos hy is nie, maar word ook verder gestalte gegee aan die beginsel dat elke mens van die hoogste waarde is.

Friedlander onderstreep hierdie uitgangspunt met die volgende: „A ... concept that is of decisive importance for social work in a democratic society is the firm belief in equal opportunity for all, limited only by the individual's innate capacities" [2].

Dat alle mense gelyke geleenthede tot selfontwikkeling moet hê is soos reeds gemeld 'n grondbeginsel van die demokrasie wat ook in maatskaplike werk van toepassing is, maar dan met die uitgangspunt dat die gelyke geleenthede binne perke van elkeen se eie moontlikhede van toepassing gemaak moet word. Dit beteken nie bandelose optrede en die stel van eise op die beginsel dat alle mense gelyk is en daarom aan almal dieselfde geleenthede gegee moet word nie. Dit word algemeen aanvaar dat elke mens met sy eie, unieke natuurlike toerusting gebore is, en wat verskil van elke ander mens op aarde. Die mens verskil nie net wat sy uiterlike aanbetref

---

1. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. p. 152.

2. Friedlander. Concepts and methods of social work. p. 5.

nie, maar ook wat sy innerlike vermoëns en kapasiteite betref. Daarom kan die mens alleen binne daardie beperkings tot eie ontplooiing kom. Elke mens se inherente kapasiteite soos somatiese, psigologiese, intellektuele en geestelike faktore sowel as die omstandighede en omgewingsinvloede vorm saam die bepalende faktore wanneer die regte van die mens ter sprake kom.

Hierdie uitgangspunt hang nou saam met die regte van elke mens en die daaruit voortvloeiende verpligtinge en verantwoordelikhede. Die mens in nood het die reg om te lewe en om gehelp te word, maar saam daarmee pligte en verpligtinge. Die maatskaplike werk moet ook toesien dat die mens in nood tot pligsbesef kom en deur oordraging die kliënt help om ewewig in sy waardesisteem oor regte en pligte - vryheid en verantwoordelikheid te verkry.

Al die basiese uitgangspunte kan in hierdie beginsel tot uiting kom soos blyk uit die volgende: „In het maatschappelijk werk ontmoeten wij de client in zijn actuele situatie. Wij zijn er op uit samen met de client te vinden wat hem in de weg staat en hem te helpen zijn eigen mogelijkheden en de mogelijkheden in de samenleving zo goed mogelijk te leren gebruiken voor de toekomst, hem, waar maar enigzsins mogelijk, zelf beslissingen te doen namen en de consequenties daarvan voor hemzelf en zijn omgeving te overzien en te accepteren. Wij zullen echter waar en voor zover nodig zijn verleden en de grenzen van zijn mogelijkheden in onze aandacht betrekken, want wij zijn ons ervan bewust dat het heden en de toekomstverwachtingen gekleurd worden door ervaringen uit het verleden en tevens dat ieder zijn eigen mogelijkheden moet trachten te verwerkelijken vanuit de hem gegevan grenzen" [1].

Wanneer van die reg op geleenthede tot selfontwikkeling gepraat word, is dit egter ook nodig om te let op die verantwoordelikheid van die mens in dié verband, dit wil sê die plig van die mens as antwoordwese. Hier word veral gedink

---

1. James. „Mensbeeld en methodiek" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. p. 342.

aan die opdrag soos vervat in die gelykenis van die talente (Mat. 25:14-30). By die beginsel van die reg op geleenthede tot selfontwikkeling moet ook die beginsel van die reg tot selfbeskikking of selfbeslissing in gedagte gehou word.

4. <u>Elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewens-ervaring</u>

Friedlander stel hierdie uitgangspunt baie duidelik: „The social worker believes that people are capable of changing their attitudes and behavior; he believes that techniques that will help people to change as they want to change, can be communicated and learned" [1].

Pray sê dat hierdie uitgangspunt berus „... upon the demonstrable scientific fact that all real and permanent changes in the form and structure of human relationship are the outgrowth of inner change, of change in the attitudes and feelings, the motives and purposes of the human being involved in those relationships. Such a philosophy accepts not only the truth and the transcendent importance of this basic fact of life; it accepts the rightness, the positive value of this fact, from the point of view not only of the individual but of society as a whole, and of society's stake in its own unity and progress. It embodies a profound faith in human beings and in the inviolable integrity and creative power of individual personality. We not only submit to this inescapable law of human nature; we welcome, embrace, and use it by delibirate, determined choice". Hy sê dan verder „... social work has steadily moved to the conscious acceptance and the consistent, skillful, productive use of this

---

1. Friedlander. <u>Concepts and methods of social work</u>. p. 3.

   Vgl. van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. p. 61.

   Vgl. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. p. 14.

basic philosophy ..." [1].

Die maatskaplike werk se vaste oortuiging van die potensiële kragte in die mens wat tot positiewe ontwikkeling gebring kan word, vorm in 'n sekere sin feitlik die regverdiging vir die hele bestaan van maatskaplike werk. Dit gee egter nie net regverdiging, stimulus en rigting aan die maatskaplike werk nie, maar word in die behandelingsprogram doelbewus deur die maatskaplike werker aangewend.

In maatskaplike werk is daar 'n gedurige bewuste beïnvloeding wat van die maatskaplike werker op sy kliënte uitgaan deur middel van kontak en wisselwerking. Die maatskaplike werk toon in hierdie verband 'n noue ooreenkoms met opvoeding want „... all contacts are part of a process of education" [2] en „... education touches life at every point ... Society is full of educators" [3]. In aansluiting hierby sê Kohnstamm: „Opvoeden is: een mens in wording te helpen om zonder anderen lastig te zijn of ten laste te vallen, de diepste hem bereikbare innerlijke vrede te vinden" [4].

Coetzee stel dat opvoeding net soos maatskaplike werk, 'n handeling van die mens met 'n mens of van mense met mense is. Daar word ook onderskei tussen die wat opvoed en die wat opgevoed word. Die opvoeders „werk as't ware met hulleself en ook met die wat hulle opvoed" en verder „... Opvoed is ... 'n werksaamheid van die een mens met 'n ander om hom deur geestelike voeding/leiding te voer van benede na bo, van

---

1. Pray, K.L.M. <u>Social work in a revolutionary age</u>. p. 290 en 294.

2. Hayes, E.C. <u>Introduction to the study of sociology</u>. New York. Appleton and Co., 1928. p. 652.

3. Ottaway, A.K.C. <u>Education and society</u>. <u>An introduction to the sociology of education</u>. London, Routledge and Kegan Paul, Ltd., 1955. p. 5.

4. Kohnstamm, Ph. <u>Schepper en Schepping</u>. Deel 2. Persoonlijkheid in wording. Haarlem, Tjeenk Willink en Zoon, N.V. 1929. p. 122.

kinderlikheid na volwassenheid, van afhanklikheid, onrypheid, onvolwassenheid na onafhanklikheid, sedelike rypheid, volwassenheid. Maar die een wat gelei, opgevoed, opgevoer word, moet self meedoen: hy moet leer, groei, ontwikkel. Opvoeding sluit dus eintlik in grootmaking èn grootwording - grootmaking deur die opvoeder, grootwording deur die wat opgevoed word (die opvoeding). Daar is dus voeding en vorming, en daar is groei en wording of ontwikkeling" [1].

Wurth sê dan ook tereg: „... dat men een mens geen betere dienst kan bewijzen en aan zijn echte mens-zijn niet beter recht kan laten wedevaren dan door hem op te voeden - maar dan moet het ook inderdaad een opvoeden zijn - tot het aanvaarden van verantwoordelijkheid voor zijn eigen leven en zijn eigen levensbeslissingen [2].

Ook Waterink sluit hierby aan as hy die doel van die opvoeding definieer as „... de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst" [3].

Omdat die mens van die hoogste belang geag word in die maatskaplike werk en die mens in een lyn met sy ewigheidsbestemming 'n taak en roeping op aarde in 'n tydelike hoedanigheid in die lewe het, behoort elkeen hierdie roeping hom opgelê te vervul, hier en nou. Aangesien almal nie altyd hierdie roeping nakom nie en daar, as gevolg van allerlei faktore, ontsporing en afwykings van die normale, die aanvaarbare, voorkom, lê dit op die weg van die maatskaplike werker se

---

1. Coetzee, J. Chr. „Die mens in die opvoeding" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Christelike Wetenskap. p. 75.

2. Wurth. Mensbeschouing en maatschappelijk werk. p. 27.

3. Waterink, J. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok N.V., 1951. p. 114.

roepingsvervulling om die ontspoorde en afgedwaalde langs die weg van verandering te help bring tot die normale aanvaarbare optrede, funksionering en roepingsvervulling. Uit die aard van die saak stel dit nie alleen hoë eise aan die maatskaplike werker nie maar veral ook hoë etiese en godsdienstige eise aan hom as mens.

5. Die mens kan alleen gehelp word as hy homself wil help

Ferguson sê die volgende ten opsigte van die bogenoemde as beginsel of uitgangspunt in die maatskaplike werk: „... social work is a co-operative endeavor between client and worker ... social work is done with and for the client, not to the client ... For this reason ... it behooves social workers to be sure that their client have an active investment in whatever treatment is going on" [1]. Benewens gemotiveerdheid by die kliënt stel hy dus ook as vereiste verhouding van vennootskap tussen maatskaplike werker en kliënt.

Hamilton weer wys onder andere op die onaangename gewaarwordings by kliënte wanneer die maatskaplike werker in sy optrede met en teenoor die kliënt nie hierdie beginsel in ag neem nie, en sê: „Help is most effective if the recipient participates actively and responsibly in the helping process. Few perhaps, are grateful for a 'hand-out', and certainly not for continuous remittances which prolong dependancy. The relationship of the benefactor to his client is proverbially uncomfortable and disillusioning". Sy gaan egter verder en meld: „Some are not ready to use help wisely, just as some are not ready to learn. Readiness, however, can be stimulated and educated. What most people are grateful for in the long run, ... is a chance to help themselves - to work out their own solutions, at least to have a hand in shaping their destiny. The poor and less fortunate have this desire just as strongly as the captains of industry. It is

---

1. Ferguson. Social Work. p. 28.

resources, capacity and opportunity which fail them" [1].

Wurth betuig sy instemming hiermee as hy skryf: „... intussen blijft het toch een onmiskenbare verdienste van het social casework, dat het ons eraan herrinnerd heeft, dat men een mens heel vaak toch ten beste helpt door hem te helpen om zichself te helpen ..." [2].

Dit is duidelik dat alle pogings tot hulp verlore sal wees as die wil om gehelp te wees nie by die hulpbehoewende teenwoordig is nie. Hierdie hulp om gehelp te word kan egter alleen bereik word indien die mens wat hulp nodig het van binne-uit gemotiveerd is om mee te werk in hierdie hulpaksie.

Hierdie uitgangspunt geld ten opsigte van al die metodes in die maatskaplike werk. Dit impliseer dat 'n verhouding van vennootskap in die hulpaksie teenwoordig sal wees tussen hulpverlener (maatskaplike werker) en hulpbehoewende (kliënt). Dit dien in sekere opsig selfs as doelstelling vir die maatskaplike werk, naamlik om mense te help om hulleself te help. Dit moet egter nie sondermeer as kwalifikasie tot keuring van hulpbehoewendes vir dienste deur die maatskaplike werker gesien word nie, maar eerder as voorvereiste vir <u>suksesvolle</u> maatskaplike werk. In die praktyk beteken dit dus nie dat 'n kliënt by gebrek aan sigbare bewyse dat hy homself wil help en aan homself oorgelaat moet word nie, maar eerder dat hy gemotiveer moet word om hulp te aanvaar en saam te werk. Die kliënt moet dus allereers tot volle besef van sy probleem en <u>verantwoordelikheid</u> as antwoordwese gebring word.

Die wil om gehelp te word staan in noue verband met elkeen se selfverwesenliking en roepingsbewustheid, met ander woorde, met elkeen se verhouding tot God, sy medemens en die natuur. Roepingsbewustheid is van primêre belang in die lewe van elke mens maar dan moet dit reg begryp word. Habermehl skryf: „God roept niet iemand tot papiermaker,

---

1. Hamilton. <u>Theory and practice of social casework</u>. p. 13.
2. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk</u>. p. 72.

maar Hij roept een papiermaker tot Zijn dienst, tot het nieuwe leven. Dat deze man papiermaker is, is uiteraard niet buiten Gods leiding omgegaan; maar dit is niet wat de Bijbel aanduidt met het woord Roeping" [1].

So gesien beteken dit dat ook die on-koöperatiewe mens gesien moet word in sy volle eksistensie, dit wil sê as eenheidswese, unieke wese, verbandswese, antwoordwese en met 'n ewigheidsbestemming, selfs al is hy nie daarvan bewus of ten volle bewus nie en selfs al besef hy nie die implikasies daarvan nie. Ook by die beginsel van „selfhelp" moet 'n ander beginsel in gedagte gehou word, naamlik dat elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van ander (dit wil sê ook die maatskaplike werker) en deur lewenservaring.

6. Elke mens het die reg tot selfbeskikking of selfbeslissing

Met die selfbeslissings- of selfbeskikkingsreg van die mens word bedoel dat mense nie alleen die beste gehelp kan word as hulle hulself help nie, maar dat elke mens die reg het om eie besluite te neem en 'n sê te hê in die wyse waarop hy gehelp wil wees.

Onder hierdie basiese uitgangspunt verstaan Friedlander: „... the conviction that the individual who is in economic, personal or social need, has the right to determine himself what his needs are and how they should be met. In the practice of social work, the individual in material or emotional need is entitled to retain his right of selfdetermination. His claim to exercise ‚self-help' is accepted as a human civil right" [2].

---

1. Habermehl, D.N. Ons daaglijks werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1959. p. 48.

2. Friedlander. Concepts and methods of social work. p. 3.

Die basiese reg tot selfbeslissing of selfbeskikking word algemeen in die praktyk erken alhoewel nie noodwendig in sy absolute vorm soos hierbo gestel nie en ook nie noodwendig vanuit ꞌn humanistiese siening van die mens nie.

Cronjé wys daarop dat hierdie reg nie onder alle omstandighede toegeken kan word nie en wel omdat alle persone nie instaat is om ꞌn ewewigtige besluit te neem nie. Hy sê dat die mens, prinsipiëel gesien, ꞌn eie bestaansreg het „... wat wesenlik saamhang en gepaard gaan met die intrinsieke waarde en waardigheid van die mens, maar geen mens se eie beslissingsreg is onbeperk en sonder grense nie. Die mens se eie beslissingsreg word beperk en begrens deur sy onbevoegdheid en onvermoë om tot ewewigtige beslissings te geraak ooreenkomstig sy besondere waardesisteem. Hoe groter die bevoegdheid en vermoë om op ewewigtige wyse self te beslis, des te ruimer die reg van eie beslissing; en hoe swakker daardie bevoegdheid en onvermoë, des te beperkter is die reg om self te beslis" 1).

Benewens die vermoë van die persoon om self tot ewewigtige beslissings te kan kom, word die reg van selfbeskikking verder gekwalifiseer deur byvoorbeeld Ferguson wanneer hy sê: „... within the limits of accepted social standards and serious harm to others and to himself, the client has the right to make his own decisions ..." 2).

Uit die voornoemde blyk dat die reg tot selfbeskikking van ꞌn kliënt aan bande gelê word ooreenkomstig die vermoë van die kliënt om „ewewigtig" te kan besluit asook die mate van verantwoordelikheid waarmee hy oor homself beslis of beskik.

Die uitgangspunt dat alle menslike regte ook ondergeskik is aan menslike verpligtinge is ꞌn verdere basiese uitgangspunt wat hier soos in die geval van alle „regte" van die mens, nie uit die oog verloor mag word nie. Sonder om in

---

1. Cronjé. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. p. 9.

2. Ferguson. <u>Social Work</u>. p. 26.

die besonder op hierdie basiese uitgangspunt uit te wei, word hier slegs beklemtoon dat inagneming van die uitgangspunt in alle gevalle en in die besonder in maatskaplike werk van besondere belang is..

Die vraagstuk van regte van die mens word deesdae eensydig beklemtoon sonder om te besin oor die ware betekenis van vryheid en menslike regte. By die mens behoort daar ook 'n ewewig te bestaan tussen regte en pligte omdat regte ook pligte meebring. So is die mens baie gou om op sy regte aanspraak te maak terwyl die oë al te maklik vir die pligte gesluit word, omdat die noodsaaklike ewewig in die waardesisteem nie aanwesig is nie. „En juis hierin wortel meermale die probleme van mense wat in nood verkeer en wat dan deur die maatskaplike werk gehelp moet word. Wanneer in soverre dit die geval is, moet dit voor-die-hand-liggend geag word dat die behandeling daarop gerig dien te wees om by die mense wat aldus in nood beland het, die noodsaaklike ewewig in hul waardesisteem tuis te bring en wel deur die proses van oordraging. Alleen hy wat in sy waardesisteem 'n ewewig tussen regte en pligte bewerkstellig het en daardie ewewig nalewe, kan waaragtig op 'n eie beslissingsreg aanspraak maak" [1].

Een van die fundamentele regte van die mens is vryheid, maar dit bring onverbiddelik verantwoordelikhede mee. Die mens en die gemeenskap is alleen op sekere vryhede geregtig wanneer hy in staat is om reg te laat geskied aan die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Die meeste menslike probleme waarmee die maatskaplike werk te doen kry, spruit uit die misbruik van vryhede wat neerkom op die negering van verantwoordelikheid. Anders gestel kan ons sê dat baie van die maatskaplike nood waarin mense verkeer, daaruit voortspruit dat verantwoordelikheid nie as die keersy van vryheid gesien, aanvaar en beleef word nie, soos byvoorbeeld in die geval van buite-egtelike verhoudings asook buitensporige drankgebruik en die daaruit voortspruitende gevolge.

---

1. Cronjé. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. p. 6.

Thierry stel die beginsel sterk in die volgende: „Vrijheid en verantwoordelijkheid zijn twee van de belangrijkste kenmerken van de mens. De èèn kan niet zonder de ander. Vrijheid zonder verantwoordelijkheid wordt losbandigheid, een onbeteugeld uitleven van zijn vrijheidsdrift. Vrijheid is niet het los zijn van alle banden, maar een zich vrijwillig binden aan bepaalde normen of waarden. Het is een binding aan het wezenseigene. De vis is alleen vrij in het water; de vogel alleen in het luchtruim. Zo wordt de mens eerst werkelijk vrij, indien hij zich bindt aan het echt menselijke, wat voor mij gegeven is in de persoon van Christus" [1].

Selfbeskikkingsreg kan dus nie onvoorwaardelik op aanspraak gemaak word nie, en besluite deur kliënte kan en mag ook nie sondermeer deur die maatskaplike werker as absoluut of bindend aanvaar word nie. Dit plaas die maatskaplike werker voortdurend voor die situasie dat hy moet besluit hoe en wanneer hy ŉ kliënt moet laat besluit of beslis. In gevalle van afwykings soos by misdadigers, geestesversteurdes en andere, waar die persoon nie in staat is om self besluite te neem en ten uitvoer te bring nie, moet die maatskaplike werker noodwendig self die verantwoordelike besluite neem. Die maatskaplike werker mag nie terugdeins vir hierdie verantwoordelikheid nie. Selfs al is die besluit van die maatskaplike werker in stryd met dié van die kliënt, is dit nogtans noodsaaklik dat die maatskaplike werker sover moontlik insig by die kliënt teweegbring deur na verdienste waardering vir die kliënt se besluit te betuig maar te wys op die sin en noodsaaklikheid van die deurvoering van die besluit van die maatskaplike werker.

Omdat die maatskaplike werker in die praktyk so dikwels te doen het met kliënte wat om verskeie redes nie in staat is om tot ŉ ewewigtige of verantwoordelike besluit te kom nie, en die maatskaplike werker self die verantwoordelikheid vir sulke besluite moet neem, lei dit te dikwels in die praktyk daartoe dat hierdie reg mettertyd dusdanig van minder waarde of onprakties geag word, dat dit in meerdere of mindere mate oor die hoof gesien word. Sodanige optrede beteken dat

---

1. Thierry. De bedreigde mens. p. 29.

maatskaplike werkers 'n belangrike basiese uitgangspunt in die maatskaplike werk negeer.

Dit is noodsaaklik dat die Christelike lewens- en mensbeskouing hier as rigsnoer in gedagte gehou word.

As antwoordwese is die mens nie bloot die slagoffer van die noodlot of van omstandighede buite sy beheer nie maar moet hy ook standpunt inneem met betrekking tot hierdie „omstandighede". Hy moet dus antwoord gee want elke vraag (of probleem) impliseer ook 'n antwoord. Sy godgegewe gawes en talente moet gebruik word en ontwikkel word in antwoord en as antwoord op hierdie vrae, probleme of lewenssituasies. So gesien het die mens nie alleen die reg tot selfbeslissing of selfbeskikking nie maar is dit 'n verantwoordelikheid.

In die praktyk van die maatskaplike werk kom dit daarop neer dat die maatskaplike werker steeds die kliënt daartoe lei dat hy moet antwoord; dat hyself moet besluit. Uit wat aan die begin met betrekking tot die selfbeslissings- of selfbeskikkingsreg gesê is, word aanvaar dat die kliënt verkeerd kan antwoord, byvoorbeeld dat die besluit nie ewewigtig is of onverantwoordelik. Dit is egter nie geregverdig om die kliënt op grond daarvan van die godgegewe verantwoordelikheid te onthef nie.

## SLOT

Die plek van die Christelike lewens- en mensbeskouing in maatskaplike werk kom treffend uit in die woorde van van Dijk wanneer hy sê: „De kennis daaromtrent (menszijn) hangt aan theoretisch-wetenschappelijk onbewijsbare vooronderstellingen, die voor de christendenker gegeven zijn in de in het geloof aanvaarde goddelijke Woordopenbaring in Christus Jezus. De bijbel openbaart ons, dat de mens door God is geschapen, geschapen ,naar Zijn beeld en gelijkenis' en als zodanig door God geplaatst binnen het geheel der schepping, als kroon en

concentratiepunt van de schepping. Geschapen niet als ‚individuum' op en bij zichzelf bestaande, maar geschapen in het levensverband met zijn medemens, in het levensverband der mensheid, op de ander toegeschapen en afgestemd, begrepen in het Verbond met zijn Schepper, zijn medemens en met gans de Schepping. Het wezen van de mens ligt daarin, dat hij Gods beeld is, dat is het menselijke in de mens. Als mens is hij zoon, gelijkenis, geslacht Gods. Als zodanig is de mens geest, ziel (hart); op het lichaam als zijn verschijning aangelegd, en door dit lichaam aan de aarde gebonden, maar tegelijk daarboven uitgaand. De mens gaat niet op in dit tijdelijke leven, hij bezit eeuwigheidswaarde. Als kroon en concentratiepunt van de schepping kan en moet hij, daaraan gebonden, tegelijk daarover heersen" 1). Dit beteken onder andere sê Banning: „... dat hij overal in verantwoordelijkheid is gesteld, dat hij niet in dierlijke onderbewustheid mag leven, maar tot bewustwording omtrent zijn <u>oorsprong</u>, <u>roeping</u> en <u>bestemming</u> moet worden geleidt" 2).

---

1. Van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. p. 20.

2. Banning, W. <u>Sociale ethiek</u>. Den Haag, Servire, 1949. p. 13.

## BRONNELYS


BANNING, W. Sociale ethiek. Den Haag, Servire, 1949.

BAVINCK, H. Gereformeerde Dogmatiek. Kampen, J.H. Kok N.V., 1910.

BAVINCK, H. Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst. Kampen, J.H. Kok N.V., 1913.

BEERLING, R.F. Crisis van den mensch. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1938.

BERKHOF, H. De mens onderweg. Een Christelijke mensbeschouwing. 's-Gravenhage, Boekencentrum, N.V., 1963.

BERKOUWER, G.C. De mens het beeld Gods. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957.

BISNO, HERBERT. The Philosophy of social work. Washington D.C., Public Affairs Press, 1952.

BOWERS, S. „Social work and human problems" in Social Casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954.

BROEKMAN, J.M. (Redakteur). Maatschappelijk Werk. Krachten, terreinen, methoden. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V., Ongedateer.

COETZEE, J. CHR. „Die mens in die opvoeding", in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap. No. 5, Mei 1966.

CRONJé, G. (Redakteur). Professionele maatskaplike werk. Pretoria, J.L. van Schaik, 1965.

FEENSTRA, J.G. Leer en Leven. Eenvoudige dogmatisch leesboek. Kampen, J.H. Kok N.V., 1956.

FERGUSON, ELIZABETH, A. Social work. An introduction. New York, J.B. Lippencott Co., 1963.

FRIEDLANDER, W.A. Concepts and methods of social work. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall Inc., 1958.

HABERMEHL, D.N. Ons daaglijks werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1959.

HAMILTON, G. Theory and practice of social casework. New York, Columbia University Press, 1940 en 1951.

HAYES, E.C. Introduction to the study of sociology. New York, Appleton and Co., 1928.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS. Sondag 2 en 3.

JAMES, M. „Mensbeeld en methodiek" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10de Jaargang, No. 22, 20 December 1956.

KOHNSTAMM, Ph. Schepper en Schepping. Deel 2. Persoonlikheid in wording. Haarlem, Tjeenk Willink en Zoon, N.V., 1929.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. Art. XIV.

OTTAWAY, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education. London, Routledge and Kegan Paul, Ltd., 1955.

PRAY, K.L.M. Social work in a revolutionary age. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1949.

SKIDMORE, REX, A. & THACKERAY, MILTON, G. Introduction to social work. New York, Appleton-Century-Crafts, 1964.

STOKER, H.G. Praktiese Calvinisme. Potchefstroom, Pro-Rege-Pers Beperk, 1956.

THIERRY, H. De bedreigde mens in de moderne samenleving. Den Haag, J.N. Voorhoeve, 1956.

VAN DER LINDEN, H.B. Van nummer tot mens. Arnhem, Vugaboekerij, 1962.

VAN DER PLOEG, J.G. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor Maatschappelijk Werk. 10de Jaargang, No. 10, 22 Mei 1956.

VAN DIJK, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V., Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij., Tweede Druk.

VISSER, P. Het geloof der vaderen. Inleiding in de belijdenis der Gereformeerde Kerken. Kampen, J.H. Kok N.V., 1953.

WATERINK, J. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok N.V., 1951.

WURTH, G. BRILLENBURG. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957.

SIMPOSIUM OOR MAATSKAPLIKE WERK

gehou op 27 Maart 1969 by die P.U. vir C.H.O.

tydens die Eeufeesviering van die

Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
en die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

# PSIGIATRIESE MAATSKAPLIKE WERK IN ONS MODERNE SAMELEWING

T.J. STANDER

(Direkteur Suid-Afrikaanse Nasionale Raad
vir Geestesgesondheid)

Tydens die openingsplegtigheid van 'n konferensie oor Die Rol van die Maatskaplike Werker in 'n Mediese Verband, gehou gedurende Junie 1958, het die President van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika onder meer gesê:

"The study of social science is a young one. If we compare it with the other sciences it goes back for but a very short period indeed. But in its short history it has made strides, tremendous strides, in fact, it has become such a vital and integral part of our ordinary mode of living that we wonder today how we managed to conduct our medical affairs without the assistance of the social worker. The social worker takes her place before the birth of the infant, and throughout the life of that individual she forms a very essential part of the general living. Her duties carry on even after the death of the individual when she has to deal with the bereaved dependants. So that throughout the whole life of one individual person, never is that individual without the need of the services of the social worker, and we, in the sphere of medicine, have particularly found how vital and essential are her services. So much so that in the wards of the Johannesburg Hospital we find that without the social worker as a member of the medical team, the treatment, the

investigation, the diagnosis of the patient is completely inadequate.

The problems that arise in the General Hospital, and not only in the General Hospital, but in all other hospitals in the Transvaal, are so complex and are so linked up with a patient's mode of living with his problems, problems between parent and parent, problems between parent and child, problems between teacher and child, and all these lead to complex medical situations where the social worker forms such an essential part of the medical team that we find that from day to day our need for her or his services is becoming increasingly more".

Hy het bygevoeg:

"One might say that with the progress of civilisation the face of medicine has changed but it has not changed from a physical point of view except that there are physical affects as a result of mental and emotional stress. Now the secret of the treatment of these conditions lies not in the hands of the medical men - it lies in the hands of the social worker - the social worker who has been medically trained for that particular service."

Hierdie is bemoedigende woorde deur 'n groot gees in die mediese wêreld. Lofuitinge hou egter nie altyd tred met praktiese behoeftes en beleidsontwikkeling op bepaalde terreine van menslike behoeftebevrediging nie.

Alhoewel die gesistematiseerde sosiale wetenskappe jonk is in vergelyking met die meer eksakte dissiplines, is die konsep van psigiatriese maatskaplike werk en die openbaar gevoelde behoefte aan die implementering daarvan, selfs in ons jong land, veel ouer as selfs die eerste kursusse in die maatskaplike werk wat aan Suid-Afrikaanse universiteite ingestel is. Psigiatriese maatskaplike werk is dan ook die oudste spesialiteitsrigting in die breë raamwerk van ons vak in Suid-Afrika.

Op <u>26 Maart 1924</u> het die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid (wat in daardie jare bekend gestaan het as die Nasionale Komitee vir Geesteshigiëne) 'n simposium gehou oor die

onderwerp "Maatskaplike Werk in Sielsieke Hospitaal Verband". In sy openingsrede het wyle Dr. E.W.D. Swift, destydse Geneesheer Bestuurder van Valkenberg Hospitaal, onder meer gesê:

"I have been asked to open a discussion on the methods by which an organisation such as the Mental Hygiene Society might assist and co-operate with the workers in our Institutions for the benefit of patients and of the general community. The services of Social Workers have been utilized in this respect with great advantage in many ways, and our Society has already done good work in some of the directions indicated, and particularly in the dissemination of knowledge of mental disorders and deficiency. In the United States of America the work is highly organised and specialised, and courses of instruction and training are arranged for those who wish to take this branch of Social Service. In England excellent work has been done by the After Care Association in assisting and generally looking after patients who have been discharged from Institutions. There are also other bodies such as the National Association for Mental Welfare, which has taken an active part in directing and organising work on behalf of the mentally defective class, and a Mental Hygiene Society has recently been established with similar objects and also including the mentally disordered within its scope.

The term alienist has been applied to those of us who are engaged in this branch of medicine, and, though the use of a designation which implies that we are cut off from the community is to be deplored, I am afraid that there has been some justification for the application of this term, and that our work as medical officers in Mental Hospitals has tended to be too rigidly limited by the boundaries of the Institution fence. It would certainly be better for us in institutions if we undertook more duties beyond the Mental Hospitals, if we came into more frequent contact with others engaged in similar work outside, and obtained their co-operation and assistance.

The sciences of psychiatry and sociology are closely related and interdependent, and social maladjustments may often be the cause of symptoms of mental disorder. The necessity for committal to an Institution is usually due to the

inability of the individual to adapt himself to the laws and conventions of society and to his environment generally."

Gedurende 1924 reeds het die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid die fondamente gelê vir die integrasie van die psigiatriese, sielkundige en maatskaplike werk dissiplines in belang van die pasiënte, omdat multi-professionele spanbenadering op ons terrein van veelfasettige menslike problematiek toe reeds besef is.

Veel is gedurende die jare tussenin gesê en geskryf oor die sielkundige behoefte-bevrediging in die maatskaplike werk en in die hele struktuur van afwykende menslike gedragspatrone. Daar was byvoorbeeld die Nasionale Konferensie oor Belemmerde Persone, waaroor die Voortsettingskomitee lywig verslag gedoen het aan die Minister van Volkswelsyn gedurende Junie 1952; daar was die Nasionale Konferensie oor Geestesgesondheid in Kaapstad gedurende Oktober 1963. Sestien deskundige komitees het vir vier jaar lank gewerk om vir ons land 'n allesomvattende geestesgesondheidsdiens daar te stel. Memoranda en inligtingstukke oor die onderwerp is met gereelde eentonigheid aan die outoriteite voorgelê. Invloedryke indiwidue het oor die onderwerp geskryf, private lede-mosies is in die Volksraad ingedien ... maar die psigiatriese maatskaplike werk is vandag maar nog 'n stiefkind in ons uitgebreide maatskaplike struktuur. So byvoorbeeld is die mooi ideale wat dr. Swift alreeds in 1924 geformuleer het, en die essensiële taak wat die psigiatriese maatskaplike werker in die sielsieke hospitaalverband kan vervul, vandag nog nie in die praktyk toegepas nie. Die kennis is vir baie dekades reeds beskikbaar, maar die toepassing daarvan in die praktyk bly agterweë.

## II. WAT IS GEESTESGESONDHEID?

Wetenskaplik aanvaarbaar, is die begrip "normaliteit" nog nooit duidelik gedefinieer nie.

Daar bestaan egter 'n menigvuldigheid van definisies wat "geestesgesondheid" saaklik omskryf. Die volgende paar is universeel verteenwoordigend:

(a) Kenneth Soddy, Direkteur van die Wêreldfederasie vir Geestesgesondheid sê:

"Mental Health is frequently thought of as a mere absence of mental disease. In this, the history of the allied subject physical health is being recapitulated, but nowadays a far more positive conception of the latter subject is prevalent. Physical health is a state of bodily well-being in which, by its sound constitution and efficient working, the body can meet with ease all reasonable environmental demands, including the prevention of disease processes. Likewise, the healthy mind can meet with ease all normal environmental situations. Perhaps the most reliable single criterion of mental health is: capacity to live harmoniously in a changing environment. This definition is far removed from a mere absence of mental disease."

(b) Die Deskundige Terminologiese Komitee van die Wêreld Federasie vir Geestesgesondheid:

"Geestesgesondheid is die vermoë van die indiwidu om harmonieuse verhoudings met ander te vorm en om konstruktief deel te neem en by te dra tot veranderings in sy sosiale en fisiese omgewing."

(c) Lindbye:

"Die geestesgesonde persoon is een wat steeds tot persoonlike rypwording ontwikkel. Geestelike rypwording word behaal tot dieselfde mate as wat die indiwidu onafhanklik en op 'n vrugbare wyse sy interne konflikte kan oorbrug, sy eie doelstellings en ideale in die lewe kan bereik en in verantwoordelikheid en goeie broederskap met andere kan woon."

(d) Karl Menninger:

"Geestesgesondheid is die aanpassing van mense bymekaar en die eise van die wêreld met 'n maksimum

van doeltreffendheid en persoonlike geluk - nie slegs bekwaamheid of tevredenheid nie - ook nie slegs die vermoë om die reëls van die lewensspel met grasie te gehoorsaam nie. Dit is al hierdie dinge gesamentlik in harmonieuse samehang. Dit is die vermoë om 'n gelykmatige lewenstempo te handhaaf, om 'n wakkere, intelligente emosionele gestemdheid te openbaar en om 'n maatskaplik bedagsame gedragspatroon en 'n gelukkige lewensuitkyk te openbaar."

(e) W.G.O. definisie:

"Geestesgesondheid is nie die afwesigheid van siekte, stremming of belemmering nie, maar 'n toestand van algehele fisiese, geestelike en maatskaplike welsyn."

(f) J.A. Hatfield: in sy boek "Mental Health and the Psycho-neuroses":

"Geestesgesondheid is die volle en harmonieuse funksionering van die hele persoonlikheid".

(g) My eie definisie:

"Geestesgesondheid is die vermoë om 'n persoonlik bevredigende en maatskaplik aanvaarbare lewe te lei met die hoofklem op blywende en positiewe interpersoonsverhoudings in 'n veranderende wêreld."

In alledaagse leke-terme is die volgende eienskappe kenmerkend van die geestesgesonde persoon:

(i) Hulle voel oral op hul gemak. Hulle word nie deur hul eie emosies oorstelp nie - nie deur hul vrese, woede, liefde, jaloesie, kommer en ander negatiewe waardes nie. Hulle kan die teleurstellings in die lewe verwerk en bly vooruit beur.

(ii) Hul houding teenoor hulself en teenoor andere is

een van verdraagsaamheid - hulle kan veral vir hulself lag. Hulle onderskat OF oorskat nie hul vermoëns nie en kan hul eie tekortkomings aanvaar en nugter daarmee saamleef.

(iii) Hulle besit selfrespek en voel bekwaam om die meeste situasies in en eise van die lewe die hoof te bied. Hulle vind bevrediging ook in die alledaagse klein vreugdes.

(iv) Hulle voel positief teenoor ander mense. Hulle is in staat om liefde te skenk en die belange en vereistes van ander mense in ag te neem. Hulle handhaaf persoonlike betrekkinge wat bevredigend en duursaam is.

(v) Dit is vir hulle iets natuurliks dat hulle van ander mense hou en hulle vertrou en aanvaar dit as vanselfsprekend dat ander mense ook so teenoor hulle staan. Hulle aanvaar en respekteer die talle verskille wat hulle in mense teëkom.

(vi) Hulle probeer nie imponeer en ander mense te kommandeer en oorheers nie - hulle laat ook nie toe dat hulle rondgejaag word nie. Hulle is in staat om te besef dat hulle deel van 'n groep is en hulle is bewus van 'n verantwoordelikheid aan hul bure en medemens.

(vii) Hulle is in staat om die feite en foute van die lewe vierkant in die oë te staar en hulle pak hul probleme stuk vir stuk aan soos hulle opduik, elkeen op sy tyd en plek. Hulle aanvaar hul regmatige verantwoordelikheid. Hulle vorm hul omgewing positief waar dit ookal moontlik mag wees - hulle pas hulle daarby aan wanneer dit nodig mag wees.

(viii) Hulle beplan vooruit, maar vrees nooit die toekoms nie. Hulle verwelkom nuwe ervarings en nuwe idees. Hulle benut hul natuurlike aanleg en vermoëns.

Geestesgesondheid beteken nie:

Aanpassing onder alle omstandighede nie: Daar gebeur baie dinge waarby ŉ mens jou nie hoef of behoort aan te pas nie. Dit mag beter wees om hulle te probeer vermy of te verander of selfs vas te staan en daarteen te veg.

Om vry van spanning en kommer te wees nie: Dit is normaal om gespanne en bekommerd te voel as gevolg van die druk van die lewe. Dikwels laat dit ŉ mens dinge bereik en skep wat hy anders nie sou gedoen het nie.

Vry van ontevredenheid te wees nie: Ontevredenheid is iets onvermydeliks op die een of ander tydstip in hierdie onvolmaakte wêreld. Wat wel saak maak is hoe ons ons eie gevoel van frustrasie en moedeloosheid wat daaruit vloei, aanpas.

Om ŉ ja-broer en verkleurmannetjie te wees nie: Dit is nie altyd nodig om ŉ presiese afdruk van ŉ ander persoon te wees nie. ŉ Mens moet in staat wees om onafhanklik te dink en self besluite te neem.

Om sonder persoonlike eienaardighede te wees nie: Talle mense het eienskappe en gewoontes wat aan hulle eie is. Solank as wat dit nie oormatig bots met hul lewenstaak of plig nie, of met die van ander mense nie, beteken dit nie dat hulle geestesongesteld is nie.

Om deurentyd en altyd van geluk en saligheid te bruis nie: ŉ Gevoelige, wakker en ryp persoon sal soms terneergedruk en ongelukkig voel. Dit kan alleen maar rykdom van ervaring en begrip vir ander aan sy insig toevoeg.

## III. WAT IS PSIGIATRIESE MAATSKAPLIKE WERK?

Ons leef in ŉ eeu van spesialisasie. Daarom is ŉ deskundige eenmaal beskryf as ŉ persoon wat deur studie en navorsing steeds meer en meer weet van steeds minder en minder, totdat hy uiteindelik alles weet van niks.

Alhoewel die psigiatrie dan ŉ spesialisasie op die

terrein van die mediese wetenskap is, het daar op die breë terrein van die psigiatrie weer baie sub-spesialisasies ontstaan, namate kennis uitgebrei en behoefte toegeneem het.

Daarom vind ons in die psigiatrie vandag gespesialiserende rigtings, soos die sosiale psigiatrie, organisatoriese en administratiewe psigiatrie, kinderpsigiatrie, openbare gesondheidspsigiatrie, geriatriese psigiatrie, industriële psigiatrie, geregtelike psigiatrie, ensovoorts.

Op dieselfde wyse wat die psigiatrie sy terreine van gespesialiseerde kennis moes uitbou en gaandeweg moes verbree, moes die psigiatriese maatskaplike werk ook spesialiteitsbane ontwikkel om aan die psigo-maatskaplike behoeftes van groepstrukture in die maatskappy te voldoen.

In ons huidige maatskappy dink ons dan in terme van psigiatriese maatskaplike werk in hoofsaak aan die volgende terreine:

Die psigiatriese maatskaplike werk in hospitale vir sielsiekes en inrigtings vir swaksinniges;

Die psigiatriese maatskaplike werk in psigiatriese hospitale;

Die rol van die psigiatriese maatskaplike werkster in psigiatriese sale en buite-pasiënt-dienste van algemene hospitale;

Die rol van die psigiatriese maatskaplike werk in Kinderleidingsklinieke; en

Die rol van die psigiatriese maatskaplike werk in psigiatriese gemeenskapsdienste.

Hierdie vertakkinge sal kortliks behandel word, maar dit is miskien nodig om die soeklig eers enigsins te laat val op die vraag "Wat is psigiatriese maatskaplike werk?", en "wat is die verskille tussen psigiatriese en algemene maatskaplike werk"(indien laasgenoemde term vandag nog met enige mate van regverdiging gebruik mag word).

PSIGIATRIESE MAATSKAPLIKE WERK.

Psigiatriese maatskaplike werk word vandag nog grootliks ge-assosieer met hospitaal- en inrigtingsorg, alhoewel altyd onthou moet word dat maatskaplike werk sy wortels in die gemeenskap self gevind het. Met die "indringing" van ons vakgebied in die hospitaal en kliniek was daar nie van die begin af aanvaarding van ons werksterrein soos vandag die geval is nie, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die mediese wetenskap en die verpleging veel ouer professies is, die fisiese welsyn van die mens aanvanklik hierdie professies se uitsluitlike belang was, en omdat die verpleegster en die geneesheer van die vroegste tye af inter-afhanklik en onafskeidbaar was in hul spanpoging in belang van die pasiënt.

Maatskaplike werk aan die anderkant is 'n veel jonger vertakking van mede-menslike hulp as professie, alhoewel die proses van mensehulp so oud is soos die mensdom self. Menslike hulp was vroeër egter anders, ongedefinieerd en ongestruktureerd. Hierdie tipe maatskaplike werk is onderneem deur die vroegste Christelike Kerke, deur die handels- en vakgilde van die Middeleeue, en deur inrigtings vir siekeversorging vanaf die vroegste tye.

Maatskaplike werk as vakrigting het eers teen die einde van die vorige eeu gesistematiseerde beslag begin kry in Engeland en aan die begin van die huidige eeu het die maatskaplike werk vir die eerstekeer in die geskiedenis die terrein van die hospitaal betree as addisionele lid van die behandelingspan. So vroeg soos 1913 reeds het maatskaplike werksters in Britse hospitale vir sielsiekes gevallestudies van pasiënte begin neem, as direkte uitvloeisel van 'n bewuswording by psigiaters van die waarde en belangrikheid van die sosiale geskiedenis van hul pasiënte, en hulle realisasie tot omgewingsituasies. Voor hierdie tydperk het die psigiatrie hom grotendeels besig gehou met oorerwings- en konstitusionele faktore in siektetoestande.

Teen die tyd van die eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918) is reeds redelik algemeen aanvaar dat die pasiënt se sosiale interaksie en verhoudings van besondere belang was in die

etiologie van geestesversteurings, in die verloop van die siektetoestand en in die behandelings- en genesingsvooruitsigte.

Wat die psigiatriese maatskaplike werk betref is dit belangrik om te onthou dat psigiatriese maatskaplike werk uit die gemeenskap die terrein van die hospitaal betree het. Die huidige maatstaf is nog steeds dat die psigiatriese maatskaplike werkster haar een voet in die gemeenskap het alhoewel sy in die werksituasie hospitaalgesentreerd mag wees. In baie dele van Engeland is hulle hoofsaaklik in die gemeenskap gebaseer en werk vanuit die gemeenskap na die hospitaal. Hierdie feit beklemtoon die dualiteit van funksie. Dit is naamlik hul taak om kennis oor die pasiënt se gesin, sosiale- en gemeenskapsagtergrond na die hospitaal te bring. En vanuit die hospitaal neem hul kennis en die interpretasie van geestessiekte en psigiatrie na die gemeenskap - 'n kruisbestuiwing en interaksie tussen hospitaal en gemeenskap in belang van die pasiënt en almal wat met hom gemoeid is. In hierdie verband is haar taak dan ook onder meer om die moderne gedagte en benadering van 'n terapeutiese gemeenskap in die hospitaal praktiese beslag te gee. Die belangrikheid van die konsep, deurlopende sorg (continuous care) kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit beteken dat die psigiatriese maatskaplike werkster deur alle fases van sorg met die pasiënt gemoeid is - diagnostiese, kliniese en terapeutiese hulp in die voor-hospitalisasie tydperk; gesins- en gemeenskapsterapie gedurende hospitalisasie, en praktiese hulp en ondersteuningsterapie met ontslag en gedurende die moeilike aanpassingstydperk daarna deur gereelde positiewe nasorg en probleem-interpretasie aan gesin, vriende, werknemers, ensovoorts.

Psigiatriese maatskaplike werk is sosiale gevallestudiewerk (social case work) op die terrein van die psigologiese medisyne. Perlman (1957) het gevallestudiewerk gedefinieer as "a process used by certain human welfare agencies to help individuals to cope more effectively with their problems in social functioning".

Hierdie tipe gevallewerk het as primêre doelstellings om mense te help met die oplossing van probleemsituasies wat

primêr uit eksterne invloede en situasies voortspruit.

Psigiatriese maatskaplike werk aan die anderkant, is gevallewerk gebaseer op psigologiese kennis en interpretasie van menslike gedrag. Dit is derhalwe die psigiatriese maatskaplike werkster se taak om deur nagraadse opleiding te weet hoe om probleme van innerlike konflik te hanteer met behulp van gesistematiseerde kennis van die psigo-dinamika. Hiernaas, en in aansluiting daarby, sluit psigiatriese maatskaplike werk ook in werk met die kliënt se maatskaplike realiteitsituasies en omgewing, aangesien eksterne probleme en innerlike konflikte of geesteskwellinge merendeels ŉ mede-bestaan voer binne dieselfde persoon. (Om hierdie rede sien ek die basiese voorgraadse maatskaplike werk opleiding as essensieel vir spesialisasie in psigiatriese maatskaplike werk en identifiseer ek my nie met byvoorbeeld die London School of Economics se beleid waar psigiatriese maatskaplike werk opleiding aangebied word sonder basiese maatskaplike werk opleiding as voorvereiste nie.)

Die punt is egter dat haar opleiding die psigiatriese maatskaplike werkster breër kennis en dieper insig gee om menslike gedrag te verstaan en bewuste motivering te interpreteer sodat sy meer effektief kan optree in haar kliënte (of pasiënte) en hul gesinne se emosionele probleme. Sy onderneem psigo-terapie in dieselfde sin as wat enigeen psigo-terapie deur sielkundige metodes doen, wat persoonlikheids- en emosionele probleme hanteer. Dit dui in hoofsaak op die versterking van gesonde aspekte van die persoonlikheid, met die doel om aanpassing by realiteitsituasies te bevorder, eerder as om ernstige probleme van psigo-patologie aan te durf en op te los. Haar kennis van die psigo-dinamika stel haar ook in staat om ten nouste saam te werk met die psigiatriese span om tot diagnoses te geraak, en sy speel ŉ integrale rol saam met die psigiatriese spanlede in die beplanning en uitvoering van terapeutiese prosesse en tegnieke.

Daar kan derhalwe gesê word dat die psigiatriese maatskaplike werkster spesiale opleiding en bevoegdhede benodig wat aan haar hoër eise stel as die van die generiese

maatskaplike werkster in die psigologiese en psigiatriese veld.

Voorbeelde van spesiale take waarvoor sy deur opleiding toegerus is, is onder andere die volgende:

Sy onderneem in ruim mate psigo-terapie, veral met verwante van pasiënte, in samewerking met en onder toesig van die psigiater. Sy werk ook in dieselfde verhouding met die kliniese sielkundige.

Sy vul die psigiater se behandeling (wat dikwels meer fisies van aard is, soos, verdowings- en kalmeertablette, elektriese skokterapie, ensovoorts naas psigo-terapie) aan, deur die aanwending van tasbare hulpdienste in die gemeenskap. Hierdie samewerkende of koördineringspatroon is algemeen onder "algemene" maatskaplike werksters, maar laasgenoemde is nie deur ervaring en opleiding toegerus om op effektiewe wyse mee te doen in die meer gespesialiseerde vorms van terapie nie.

Baie psigiaters kombineer tans hul pogings met die van psigiatriese maatskaplike werksters om die gesin as 'n eenheid te behandel eerder as om op die spesifieke patologie van 'n bepaalde gesinslid te konsentreer (gesins-psigo-terapie).

Psigiatriese maatskaplike werksters met toepaslike ervaring lei ook groepsterapeutiese sessies. In die Departement Psigiatrie van die Groote Schuur Hospitaal in Kaapstad, byvoorbeeld, onderneem hulle groepsbehandeling met alkoholiste, die familie van neurotiese en psigotiese pasiënte, die ouers van kinders met emosionele- en gedragsprobleme, pare met huweliksprobleme, ensovoorts.

Die psigiatriese maatskaplike werkster speel 'n groot rol in nasorgwerk. Tot 50% van geestesversteurde pasiënte wat uit hospitale vir sielsiekes ontslaan word, kan weens terugval, hertoegelaat word. Hulle versuim om voorgeskrewe medikasie te neem, gesinsomstandighede gee aanleiding tot spanning en botsing, werksituasies en interpersoonsverhoudings loop skeef as gevolg van verminderde aanpassingsvermoë en insekuriteit by die pasiënt enersyds, en gebreke aan insig by werksgenote andersyds. Deur die regte toesig en leiding, deur

korrekte interpretasie van die pasiënt se probleem aan al diegene wat naaste aan hom staan, en deur volgehoue ondersteuningsterapie in die huis en die gemeenskap, lewer die psigiatriese maatskaplike werkster 'n belangrike na-hospitalisasie voortsettingsterapie vir algehele herstel van die pasiënt, of word hy ten minste heropgevoed om blywend en suksesvol aan te pas en in te skakel met sy verminderde vermoëns.

Die psigiatriese maatskaplike werkster in 'n spanbenadering met die psigiater, soos in Groote Schuur Hospitaal, handel ook met noodgevalle in die buite-pasiënte-afdeling van die hospitaal. Hierdie pasiënte geniet volle psigiatriese aandag in hierdie afdeling, sodat verwysings na buite-pasiënte klinieke of opname in die hospitaal uitgeskakel word. In hierdie verband val die hoofklem van die psigiatriese maatskaplike werkster se taak op dié pasiënte wie se oorwegende probleme maatskaplik van aard is.

Die psigiatriese maatskaplike werkster is veral goed toegerus deur opleiding om die groot getalle chroniese pasiënte te hanteer wat psigiatriese buite-pasiënt klinieke besoek. Dit bring 'n groot besparing van die psigiater se tyd mee, wat dan gewy kan word aan akute, behandelbare pasiënte. Die oogmerk hier is by uitstek ondersteunende gevallestudiewerk sodat pasiënte sover moontlik op eie voete in die gemeenskap kan staan.

'n Spesiale bevoegdheid van die psigiatriese maatskaplike werkster is om enige kultuurgaping tussen psigiater en pasiënt te oorbrug.

Sy is dikwels in staat om insiggewende inligting te verstrek op grond van haar kennis van die gesinsituasie en van sosiologiese faktore, of om die psigiater se versoeke en advies korrek aan die pasiënt te kommunikeer, wat andersins moeilikheid mag ondervind om hom goed te verstaan, veral teen die agtergrond van beskikbare konsultasietyd.

Uit die voorgaande dink ek dat ons in die algemeen kan sê dat die werk van die psigiatriese maatskaplike werkster in twee hoofkategorieë ingedeel kan word, naamlik "tasbare

dienste", dit wil sê "uiterlike behoeftes van pasiënte en hulle gesinne", en tweedens die "ontasbare dienste", dit wil sê "innerlike behoeftes van die pasiënte en hulle gesinne".

A. Tasbare Dienste kan soos volg gedefinieer word:

(a) Hulp met tasbare praktiese probleme, byvoorbeeld finansiële hulp, kindersorg, plasing in meer geskikte werk, die verkryging van akkomodasie, skakeling met werkgewers, ensovoorts.

(b) Tweedens, kennis van die fasiliteite en instansies in die gemeenskap wat aandag gee aan geestelik gestremde persone; skakeling met hierdie instansies en die vermoë om nie slegs die fasiliteite aan die pasiënte en hulle gesinne te vertolk nie, maar om hulle ook te help om sodanige dienste te benut.

Die tweede kategorie van dienste wat die psigiatriese maatskaplike werkster kan lewer is die -

B. Ontasbare Dienste. Hierdie kan soos volg gedefinieer word:

(a) Eerstens, hulp met probleme van gesinsverhoudings en die vermoë om die pasiënt se siekte en behoeftes aan die gesin te vertolk.

(b) Tweedens, onderskragende behandeling, nie slegs van die pasiënt nie maar ook van die gesin, dit wil sê om te help met aanpassing tuis en, waar nodig, met werkstoestande.

Die psigiatriese maatskaplike werkster moet in staat wees om die tasbare sowel as die ontasbare behoeftes van die betrokke gesinne te bevredig, ten einde haar rol doeltreffend te vervul. Dit behels 'n kennis van die fasiliteite wat in die gemeenskap beskikbaar is; skakeling daarmee, asook tegniese en teoretiese kennis, opleiding en ondervinding, sodat die kennis geïmplementeer kan word, en 'n hoë graad van simpatieke insig wat op 'n professionele wyse aangewend word.

Die tegniese en teoretiese kennis moet sulke vakke soos psigiatrie behels, wat die psigiatriese maatskaplike werkster in staat sal stel om die psigiater behulpsaam te wees met die diagnose deur die voorsiening van 'n gevallestudie wat die waarskynlike simptome van die siekte sal ophelder.

Die psigiatriese maatskaplike werkster benodig ook 'n kliniese kennis van die sielkunde van gesinsverhoudings en die dinamika van persoonlikheidsontwikkeling, asook 'n deeglike opleiding in die beginsels en tegnieke van gevallewerk - slegs langs hierdie weg sal sy in staat wees om die faktore in werking te begryp en sal sy die behoeftes aan haarself en die gesin kan vertolk.

Dit is egter een saak om oor al hierdie teoretiese kennis te beskik, maar om dit op 'n praktiese wyse te benut vra heelwat vaardigheid. Dit is derhalwe essensieel dat daar in die loop van die opleiding van psigiatriese maatskaplike werksters deurgaans intensiewe praktiese supervisie in 'n goedgekeurde opset (setting) moet wees. Die kombinering van hierdie faktore sal haar kwalifiseer om haar rol as 'n essensiële lid van die psigiatriese span uit te leef. Dit is baie moeilik om in 'n gebied so ingewikkeld as dié van die psigiatrie te funksioneer sonder hierdie teoretiese kennis en praktiese ondervinding. Ek dink daar is min noodsaak vir my om die noodsaaklikheid te beklemtoon dat die psigiatriese maatskaplike werkster oor die vermoë moet beskik om die onrus wat opgewek kan word by die hantering van geestelik belemmerde persone te duld, en om nie onnodig emosioneel betrokke te raak nie. Dit is haar opleiding wat haar in staat sal stel om positief en behulpsaam te funksioneer, sodat sy die selfversekering van die pasiënte, sowel as die ander lede van die psigiatriese span sal stimuleer. Opleiding is egter nie voldoende nie - wat ook benodig word is 'n hoë graad van persoonlike volwassenheid, en vanselfsprekend, 'n geskikte persoonlikheid. Ek dink ons verwag baie van maatskaplike werksters in hierdie land, al is hulle persoonlikhede ookal hoe geskik, om in 'n psigiatriese opset te funksioneer sonder hierdie baie essensiële opleiding en toesig - hierdie dubbele bekwaamheid

kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. In Suid-Afrika bestaan die moontlikheid tans om geskikte personeel te bekom om die teoretiese opleiding vir 'n kursus in psigiatriese maatskaplike werk te verskaf, en alhoewel daar 'n klein aantal geskikte psigiatriese opsette (settings) beskikbaar is - veral in Johannesburg - byvoorbeeld Johannesburgse Kindervoorligtingskliniek, Tara Psigiatriese Hospitaal, Sterkfontein Sielsiekehospitaal, die Geestesgesondheidsvereniging en die Buite-pasiëntafdeling van die Algemene Hospitaal - waar studente opgelei kan word, is daar 'n skaarste aan behoorlik gekwalifiseerde psigiatriese maatskaplike werkers wat supervisie van die praktiese werk kan onderneem.

## IV. DIE OPLEIDING VAN PSIGIATRIESE MAATSKAPLIKE WERKERS.

Tydens die eerste Nasionale Konferensie oor Geestesgesondheid in Kaapstad gedurende Oktober 1963, het professor Erika Theron van Stellenbosch onder meer die volgende standpunte oor hierdie aangeleentheid gestel nadat sy gepraat het oor die rol en funksie van die psigiatriese maatskaplike werker:

(a) Dat die maatskaplike werker op hierdie terrein nie 'n handlanger van die psigiater is wat vir hom uitvoerende takies moet verrig nie;

(b) Dat die maatskaplike werker nie 'n pseudo-sielkundige is nie; MAAR

(c) Dat die maatskaplike werker met sy opleiding en bedrewenhede in die span saam met ander dissiplines, 'n eie taak het om te vervul.

Wat is nou in dié verband die posisie in Suid-Afrika? Watter opleiding word aangebied aan ons universiteite? Sedert die universiteite in die dertigerjare kursusse in die maatskaplike werk ingestel het, het die opleidingspatroon ontwikkel totdat dit tot onlangs min of meer aan die meeste instellings soos volg was:-

(a) 'n driejarige kursus wat 'n algemene basiese opleiding verskaf;

(b) vir spesialisasie in een of ander rigting word eers in ꞌn nagraadse kursus voorsiening gemaak omdat, net soos in die geneeskunde, aanvaar word dat die basiese opleiding spesialisasie van watter aard ookal moet voorafgaan;

(c) naas maatskaplike werk was die ander hoofvak die sosiologie met sielkunde as verpligte tweedejaarsvak.

Lank reeds is egter besef dat vir sekere vertakkinge van die maatskaplike werk die maatskaplike werker oor meer kennis van die sielkunde moet beskik. Dit geld nie net vir die maatskaplike werkers wat diens aanvaar byvoorbeeld by ꞌn kinderleidingskliniek, ꞌn algemene of spesiale hospitaal of ꞌn vereniging vir geestesgesondheid nie. Dit is net so belangrik vir die maatskaplike werkers wat in die praktyk by ꞌn gesinsorg- of kindersorgvereniging hulle meer op die gevallestudie (casework) toelê. Laasgenoemdes, asook die algemene mediese praktisyns en die distrikverpleegsters, is die persone wat elk op hulle spesifieke terrein die mense in die gemeenskappe waar hulle werk, ken. Lank voor die kliniese sielkundige of die psigiater in die hospitaal met die geesteskranke in aanraking gebring word, sal hierdie maatskaplike werker reeds met hulle kontak gemaak het. <u>Geestesgesondheidswerk begin nie in die kliniek en in die hospitaal nie</u>; dit begin daar waar die maatskaplike werker die eerste simptome van geestesafwyking waarneem en handelend optree. Vir dié taak moet die maatskaplike werker egter met die nodige kennis toegerus wees.

Met inagname van hierdie behoefte het die Universiteit van Stellenbosch verlede jaar, en nou ook die Universiteit van Suid-Afrika, daartoe oorgegaan om hulle studente toe te laat om vir die graad B.A. (Maatskaplike Werk) naas Maatskaplike Werk III óf Sosiologie III óf Sielkunde III te kies. (Aan die Universiteit van Witwatersrand, met ꞌn vierjarige B.A. (M.W.)-kursus, moet ál drie hierdie vakke op ꞌn driejarige basis gevolg word). Die student dus wat belangstelling toon en ook ꞌn aanleg het vir werk op die terrein van

gevallestudie (casework) sal met groot voordeel van meer kennis van die sielkunde gebruik kan maak as wat die tweejarige kursus in dié vak inhou. Baie kort saamgevat, is dit veral van belang dat hy moet kennis opdoen oor:

(a) emosionele groei en ontwikkeling van die normale kind, adolessent, middeljarige en bejaarde;

(b) die deviasies van hierdie normale ontwikkeling soos dit mag voorkom;

(c) die persoonlikheidstruktuur wat binne die grense van normale funksionering val by die verskeie ouderdomsgroepe en in verskillende sosiale milieu. Die student moet motivering van gedrag begryp en bewus wees van en ook in staat wees om verdedigingsmeganismes soos projeksie, rasionalisasie, regressie en dies meer te kan verstaan;

(d) die moontlike oorsake, kenmerke en behandeling van die neuroses, psigoses en verstandelike defekte;

(e) die belangrike verband tussen fisieke en geestelike ongesteldhede, met ander woorde die psigo-somatiese en soma-psigiese toestande. Aan die Universiteit van Stellenbosch word reeds die afgelope drie jaar in die Maatskaplike Werk II-leergang, met die vriendelike medewerking van medici, 'n spesiale kursus insake die maatskaplike aspekte van siekte aangebied.

Gedurende die jare 1963 tot vandag het verskillende universiteitskursusse verdere aanpassings op sielkundige vlak in hul kursusse ingevoer en bied Kaapstad en Potchefstroom byvoorbeeld vandag spesialiteitskursusse aan.

Die Universiteit van Kaapstad bied 'n nagraadse diplomakursus aan wat of voltyds oor een jaar of deeltyds oor twee jaar strek.

'n Paar belangrike oorwegings met betrekking tot opleiding is die volgende:

(a) Akademies:

(i) ŉ Graad of diploma in maatskaplike werk behoort essensieel te wees.

(ii) Kandidate behoort deur ŉ vakkundig ervare toelatingskomitee vir die kursus gekeur te word. Akademiese prestasie behoort nie die enigste maatstaf te wees nie. Persoonlikheid, aanleg, emosionele samestelling en rypheid, taalbedrewenheid, ensovoorts, behoort belangrike oorwegings by keuring te wees.

(b) Praktiese ervaring en Ouderdom:

Dit is wenslik dat kandidate reeds ongeveer twee jaar ervaring in die maatskaplike werk, verkieslik in psigiatriese konteks, moet hê en dat hul minstens 21 jaar oud moet wees.

Tweetaligheid behoort ŉ vereiste te wees.

(c) Die Kursus:

Die kursus behoort ŉ intensiewe en ge-integreerde program van akademiese studies enersyds, en kliniese veldwerk en ander praktiese studies andersyds te wees.

Instruksie of onderrig behoort te geskied by wyse van formele lesings in groepsituasies, in seminare, in tafelronde besprekings, in hospitaalsaalrondes, in gevallestudie konferensies waar alle dissiplines op ons terrein verteenwoordig is, by wyse van demonstrasies en deur individuele gevalle-onderrig onder toesig van opgeleide en ervare toesighouers.

Praktiese werk behoort ŉ aanvang te neem gelyktydig met akademiese instruksie en behoort in diepte en intensiteit toe te neem namate die akademiese kursus vorder.

(d) Die belangrikste dele van die leergang behoort die volgende te wees:

(i) Gevorderde teorie van gevallewerk met spesiale klem op psigiatriese werkrigtings; die onderhoud as metode tot sosiale geskiedenis; diagnose, vorderingsbepaling en terapie. Funksionele en diagnostiese bepalings, gevallestudiewerk en beraad (counselling).

(ii) Gevorderde Teorie van Groep- en Gemeenskapswerk: Hieronder behoort aandag geskenk te word aan die rol en waarde van groepwerk in die sorg van geestesafwykendes; terapeutiese groepe; geestesgesondheidsgemeenskapsorganisasie, gemeenskapstudies en die terapeutiese gemeenskap.

(iii) Geestesgesondheidsdienste in Suid-Afrika:

Geskiedenis en huidige praktyk; verantwoordelikhede van sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede; die taak en werksterrein van private inisiatief; 'n vergelykende oorsig van die toestand in Suid-Afrikaanse dienste teenoor internasionaal aanvaarde standaarde. Die integrasie van gesondheidsdienste en psigo-somatiese siektetoestande.

(iv) Geestesgesondheidswetgewing in Suid-Afrika.

(v) Die taak en die terrein van die psigiatriese maatskaplike werkster:

Die psigiatriese maatskaplike werkster as lid van die psigiatriese span; haar taak met betrekking tot pasiënte, gesinne, verwante en werkgewers; haar kliniese funksies in klinieke, hospitale en in gemeenskapsdienste.

Haar rol in die voor-hospitalisasie fase, byvoorbeeld by aanmelding, sosiale agtergrond van pasiënt, haar rol in diagnose, ondersteuningsterapie, nasorg en gesinsorg; dienste wat gebied kan word in groepsverband en gemeenskapsorganisasie. Administrasie, onderrig en navorsing.

(vi) Die Sosiologie van Geestesgesondheid:

Konsepte van normaliteit; die voorval van geestesafwykings; kultuur en geestesgesondheid; die rol van godsdiens, maatskaplike norms, ensovoorts, op aanpassing; misdaad en geestesgesondheid, die sosiologie van afwykende gedrag, die psigopatie, ensovoorts.

(vii) Elementêre Psigiatrie:

Terminologie en betekenis; tipologie van psigiatriese versteurings; kinder- en volwasse psigiatrie; organiese en fisiologiese beginsels aan die grondslag van fisiese behandeling in die psigiatrie.

(viii) Die Studie van Persoonlikheid:

Sosiologiese en sielkundige teorie en konsepte; sosialisasie, interaksie; moderne stadsontwikkeling en omgewing; ekologie, maatskaplike strukture, kultuur en persoonlikheid; belangrikste persoonlikheidsafwykings, meting van persoonlikheid in kliniese situasies.

(ix) Kinderontwikkelings:

Vermoëns en reaksies na geboorte; fisiese, intellektuele en emosionele ontwikkeling van suigelinge en jong kinders, normaal en abnormaal; oorerwings- en omgewingsfaktore in persoonlikheidsontwikkeling; ouer-kind verhoudings; intelligensie-meting; kliniese praktyke in kinderleidingstegnieke.

(x) Sosiale Psigologie:

Kommunikasie, houdings, klein groepe en groep dinamika.

(xi) Sosiale Biologie:

Die belangrikste tendense in menslike genetika; die oorerflikheidsfaktore in geestesafwyking.

## V. DIE HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE PLEK VAN DIE PSIGIATRIESE MAATSKAPLIKE WERKSTER IN ONS MAATSKAPLIKE WERK STRUKTUUR.

Vroeër in hierdie referaat is vermeld dat die psigiatriese maatskaplike werkster in ŉ verskeidenheid van werksituasies ŉ aangewese en onvervangbare lid van die psigiatriese span is en is aangedui dat daar in meer besonderheid ingegaan sal word op haar rol in die verskeie terreine. Die tydsfaktor en die lengte van hierdie referaat skyn teen hierdie gedagte te militeer en miskien moet volstaan word met ŉ paar veralgemenings wat die taak van die psigiatriese maatskaplike werkster tipeer, in welke psigiatriese opset sy ookal funksioneer.

Wanneer die vraag gestel word met welke tipe persoon die psigiatriese maatskaplike werkster werk, kom ten minste vier groepe mense in gedagte; diegene wat nie weet hoeveel 2 en 2 is nie, oftewel die swaksinniges; dan die groep wat vir ŉ feit weet dat 2 en 2 vyf is - die psigote; die derde groep stel geensins belang in hoeveel 2 en 2 is nie - die psigopate; en die vierde groep weet maar alte seker dat 2 en 2 vier is, maar hulle is ontstellend bekommerd daaroor - oftewel die neurote.

Binne hierdie elementêre raamwerk val die psigiatriese maatskaplike werkster se groot en uiteenlopende beroepskeuse, want ook die kind met emosionele en gedragsprobleme val binne die vierde groep wat uiters bekommerd is omdat 2 en 2 vier maak en hulle weet nie presies waarom nie - die ontluikende neurotiese persoonlikheid.

Hierdie vier hoofgroeperings dui die werksterrein van die psigiatriese maatskaplike werkster aan; die swaksinniges in staatsinrigtings vir swaksinniges en in dagsentra en koshuise in die gemeenskap, sowel as in beskutte arbeidsentrums wat vandag vinnig aan ontwikkel is. Die sosialisering van die swaksinnige en die aanwending en benutting van sy arbeidsvermoë tot die maksimum van sy beperkte, spesifieke arbeidspotensiaal deur prosesse van nywerheidsterapie, is die

psigiatriese maatskaplike werkster se groot strewe en praktiese ideaal vir hierdie groep.

Die groep wat sê 2 en 2 is vyf, oftewel die psigote, is miskien die grootste enkele groep waarmee die psigiatriese maatskaplike werkster vandag te doen het. In ons hospitale vir sielsiekes alleen is daar tans oor die 30,000 van hulle en meer as 1,000 pasiënte word maandeliks as genees of verbeter, ontslaan. Die voortgesette ondersteuningsterapie en herinskakeling in die gemeenskap van hierdie persone hou vir die psigiatriese maatskaplike werkster 'n ware uitdaging in en vereis dat sy baie moet weet van die oorsake, die gedragspatroon en die sosiale afwykinge van die groot verskeidenheid psigoses. Wat hierdie groep geestesversteurdes betref, bevind die psigiatriese maatskaplike werkster haarself hoofsaaklik in die hospitaal vir sielsiekes self, in die psigiatriese sale en buite-pasiëntafdelings van algemene (provinsiale) hospitale, en in die klinieke en gemeenskapdienste van geestesgesondheidsverenigings.

Die groep wat hul nie kan steur aan hoeveel 2 en 2 is nie, is diagnosties en terapeuties vandag waarskynlik die psigiatrie se grootste uitdaging, omdat daar geen internasionaal erkende klassifikasie van hierdie groep afwykings bestaan nie, omdat hul gewoonlik nie gunstig op behandeling reageer nie en dat hierdie "morele imbisiele" gewoonlik slegs goeie gedragspatrone volg in inrigtings waar hul onder streng beheer en dissipline staan.

In Suid-Afrika is hulle volgens wet nie sertifiseerbaar geestessiek nie en word psigopate nie in hospitale vir sielsiekes opgeneem nie, behalwe as Staatspresident-pasiënte via ons Howe. Ons het voorasnog geen spesiale inrigtings vir hierdie mens nie, alhoewel die Rumpff Kommissie oor Toerekeningsvatbaarheid, sowel as die Nasionale Welsynsraad aandag aan hierdie saak skenk en ons binnekort positiewe ontwikkeling ook op hierdie terrein verwag.

Wat die psigiatriese maatskaplike werkster op hierdie terrein betref, kan die volgende in gedagte gehou word:

Die sosiale oorsake van die psigopatieë is onder meer moeder-deprivasie van die kind gedurende die suigelingsjare.

Gebrekkige huweliks- en ouer-kindverhoudings is 'n bydraende faktor.

Verwerping van die gevestigde norms en standaarde van die groep en die eie kultuur en samelewing is vrugbare teelaarde vir die ontwikkeling van psigopatieë. So ook is gebrekkige en negatiewe interpersoonsverhoudings.

Die psigopaat begin ernstige afwykende gedrag toon, gewoonlik in die beginjare van die adolessensie, en dit word hoofsaaklik openbaar deur 'n totale disrespek vir die eise en die standaarde van die samelewing en 'n verwerping van gevestigde morele en sedelike waardes.

Met haar opleiding en ervaring kan die psigiatriese maatskaplike werkster min doen om die psigopaat te help, afgesien van genees. Die een les wat die psigopatie ons wel leer, is die opperste belangrikheid van voorkoming, deur positiewe huweliks- en gesinsverhoudings. Hierdie stelling geld dan ook vir alle vorms van geestesafwyking, wat in hoofsaak omgewingsgemotiveerd is.

Diegene wat hul doodbekommer omdat 2 en 2 wel vier is, is die neurote.

Die basiese verskille tussen psigote en neurote kan kortliks soos volg saamgevat word:

By die psigotiese pasiënt word aanraking met die werklikheid verloor en kan die pasiënt nie vir sy dade verantwoordelik gehou word nie, asook nie vir die bestuur van sy sake of vir sy eie veiligheid nie.

Die neurotiese pasiënt behou egter kontak met die werklikheid, alhoewel die kontak onakkuraat en gebrekkig is.

Hy sien werklikheid nie soos dit is nie, maar soos hy verkies om dit te sien of soos hy die bestaan daarvan vrees.

Tipies van die meeste vorme van neurose is aanhoudende vrees, gespannenheid en angs, terwyl werklike oorsake vir

sulke toestande afwesig is.

Neurote reageer altyd oormatig op die meeste lewensituasies. Hulle is oorbekommerd, het aanhoudende vrees, is emosioneel ongebalanseerd en onbeheers; hulle is agterdogtig en buierig.

Hulle positiewe emosionele reaksies is ook abnormaal want hulle wys gewoonlik meer vriendskap, geesdrif, kalmte en hulle is meer vrygewig met geld en geskenke as wat van die betrokke lewensituasie, waarin hulle verkeer, verwag word.

Hulle het gebrek aan ware ewewig en lewensuitkyk. Hulle is onstabiel, insekuur en swak aangepas.

Neurotiese pasiënte word behandel in Tara Hospitaal in Johannesburg, op 'n buite-pasiënt basis in sekere algemene hospitale, deur psigiaters in private praktyk en deur kliniekе verbonde aan geestesgesondheidsverenigings.

Daar word bereken dat daar vir elke psigotiese pasiënt in ons land, ongeveer 10 psigo-neurotiese persone is wat psigiatriese en sielkundige aandag nodig het.

Die taak van die psigiatriese maatskaplike werkster as lid van die span in die hantering van neurote behels verbetering van die pasiënt se sosiale aanpassing, sowel as die van sy gesin, by hul omgewing deur wysiging van hul houdings en gedragspatrone. Dit vereis 'n intieme kennis van die emosionele behoeftes en interpersoonsverhoudings tussen mense. Sy moet kennis dra van die sosiale toestande en fasiliteite in die gemeenskap en veral goed toegerus wees in die meganika van menslike gedrag en basiese menslike behoeftes. As lid van die terapeutiese span wat funksioneer in die klimaat van pasiënte groepsaktiwiteite, moet sy 'n grondige kennis hê van groepsdinamika en die dinamika van kommunikasie.

In die hospitaalverband sal die werkster se bydrae hoofsaaklik neerkom op die sosiale geskiedenis van die pasiënt. In hierdie verband word nie slegs gedink aan die versameling van feite oor die pasiënt nie; sy moet ook in staat wees om die fisiese omgewing en die emosionele klimaat, sowel as

foutiewe interpersoonlike verhoudings te evalueer en interpreteer, want hierop sal latere diagnostiek en behandeling grootliks gebaseer word.

Hospitalisasie van neurotiese pasiënte is dikwels nodig, nie soseer as gevolg van die erns van die neurotiese pasiënt se siektesimptoom nie, maar as gevolg van sy sosiale disfunksie. Dit beteken dat sy onmiddellike omgewing nie meer die pasiënt kan duld nie. In hierdie verband kan die knap psigiatriese maatskaplike werkster die onmiddellike omgewing op so 'n wyse manipuleer en wysig dat hospitalisasie oorbodig word en slegs buite-pasiënt behandeling aangewese is.

In gevalle waar ernstige pasiënt- of gesinsweerstand teen hospitalisasie ondervind word, is dit dan ook die psigiatriese maatskaplike werkster se taak om hierdie weerstand en moontlike stigma deur kennis en insig te oorkom.

Dit is 'n belangrike taak om die terugkeer huistoe van die pasiënt te beplan, die omgewing en die verhoudings te verbeter, om psigologiese trauma, skuldgevoelens oor moontlike oorsake van die siekte, werklike - of denkbeeldige verlies van status ensovoorts, positief en aanvaarbaar te hanteer.

Die psigiatriese maatskaplike werkster moet met die pasiënt kan identifiseer, sonder om emosioneel betrokke te raak; moet hom aanvaar as persoon, aan hom die realiteit van sy situasie kan interpreteer en hom lei om die meeste voordeel te put uit die innerlike en uiterlike bronne tot sy beskikking. Waar sy dit teenkom, moet die psigiatriese maatskaplike werkster in staat wees om psigo-patologiese gesinsreaksies te gebruik om veranderings in gesinsverhoudings te bewerkstellig, deur volgehoue en intensiewe gevallestudie tegnieke.

Die manipulering van die pasiënt se omgewing as voorbereiding vir sy terugkeer uit die hospitaal bly altyd van die grootste belang. 'n Pasiënt wat gedeeltelik herstel het mag uitstekend vorder in 'n oorbeskermde omgewing; 'n ander een, wat 'n begeerte en 'n vermoë besit om persoonlik onafhanklik te wees, mag deur 'n oorbeskermde omgewing vernietig word.

Die goue reël om te onthou en na te volg is die belange van die pasiënt in terme van sy eie lewensuitkyk gebaseer op ŉ bepaalde agtergrond en ŉ eie persoonlikheid - en nie om die pasiënt te probeer inpas in ŉ raamwerk van ons eie siening en skepping nie.

Wat emosioneel- en gedragsversteurde kinders aanbetref, volg kinderleidingsklinieke tot ŉ groot mate die behandelingspatroon van toepassing op psigo-neurote - want ons moet altyd onthou dat insekure kinders wat emosionele rypwording moet ontbeer, die vrugbare teelaarde is vir latere neurotiese persoonlikhede.

Vir sukses in kinderleidingswerk, is dit essensieel dat die psigiatriese maatskaplike werkster die samewerking van die ouers verseker. ŉ Werkende, positiewe verhouding moet dus met die ouers opgebou word.

Namate ons kennis van die gesinslewe uitgebrei het, het dit duidelik geword dat die lewe van ouers en kinders emosioneel ineengestrengel is en dat die meeste probleemkinders se moeilikhede die direkte resultaat is van chronies versteurde ouer-kind verhoudings. Hierby kan gevoeg word dat, met weinige uitsonderings, enige innerlike sielkundige groei en bestendiging in gedragspatroon deur sielkundige terapie, nie staande bly indien dit nie gepaard gaan met positiewe verandering in die ouers se houdings en gevoelslewe teenoor die kind nie.

## VI. SLOT.

ŉ Poging is aangewend om op oppervlakkige wyse aan te dui wat die plek van die psigiatriese maatskaplike werkster in ons huidige maatskaplike werk struktuur is.

Haar taak en volle benutting as psigiatriese spanwerker sou miskien beter uitgebeeld kon word as ons haar rol volledig geskets het in net een psigiatriese gevalle-studie, om daardeur te kon bewys hoe haar vaardigheid as terapeut inskakel by al die dissiplines wat met psigiatriese- en sielkundige behandeling gemoeid is.

Die voorgaande fragmentariese benadering dui egter op die

wydvertakte terreine van menslike aanpassingsprobleme waarin die psigiatriese maatskaplike werkster 'n wesensrol speel.

Die maatskaplike werk as professie het in die jongste paar dekades 'n feitlike gedaantewisseling ondergaan. Dit is alleen op die periferie van ons werk waar ekonomiese hulpbetoon nog enigsins 'n rol van enige omvang speel. In hierdie verband verwys ek spesifiek na die werksveld van die private welsynsondernemings.

Die swaartepunt van welsynswerk het wegbeweeg van materiële behoeftebevrediging, soos die Departement van Volkswelsyn se veldbeamptes ook wegbeweeg het van die ou departementele welsynstendens van "jacks of all trades" in hul veldwerk.

Die lewe het ontwikkel tot 'n komplekse aanpassingsproses; ekonomiese probleme by Jan Burger, wat 'n verantwoordelike bestaan voer binne die raamwerk van sy eie vermoëns, het grootliks verdwyn. Maar in die proses het tegnologiese ontwikkelings, die feitlike uitwissing van kulturele en maatskaplike grense, en die krag van internasionale burgerskapidees, die mense se morele aanpassingsvermoëns ver verbygesteek - en in die proses die mens 'n bange, insekure wese gelaat.

Die taak van die maatskaplike werk is vandag 'n aanpassingstaak. Waar die liggaam voorheen versorg en gevoed moes word, roep die mens se gees vandag uit na verligting en na aanpassing.

Die vraag ontstaan of ons maatskaplike werk opleiding vandag nog daarin slaag om maatskaplike werksters voldoende toe te rus om die aanpassingseise van ons tyd suksesvol die hoof te bied.

---oOo---